

Arbeids- Verhoudinge

40-Dae Gebedsfokus



Stand up for Jesus

1. Stand up, stand up for Jesus
Redeemer of the land
He's Lord of all creation
Victorious He stands
Let us all represent Him
And be His hands and feet
Let us fulfill our calling
As farmers on His land
2. Stand up, stand up for Jesus
All peoples of the land
Let's live and farm for Jesus
To glorify His Name
Let's conquer all the evil
And bring His Name great fame
Let us fulfill our calling
As farmers on His land
3. Stand up, stand up for Jesus
It's time to make our stand:
To live and farm for Jesus
'cross Africa our land
let's do work of high standard
Rejoicing in God's way
Let us fulfill our calling
As farmers on His land

Bid hierdie lied vir al die landbouers in Afrika!

Sing hierdie lied op die wysie van Hallelujalied 244:
Staan op, staan op vir Jesus.

Arbeidsverhoudinge

40-Dae Gebedsfokus op die Landbou 1 September – 10 Oktober 2015

Skrywer: Hennie Viljoen
Buiteblad ontwerp: Fanie Serfontein
Taal- en gehaltebeheer: Cilna Maritz
Hannatjie Theron
Karin Botha

Druk- en bindwerk: Business Print, Pretoria

Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei, hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander stelsel van inligtingsbeweging. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Uitgegee deur **AMOS AGRIMIN**

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

ISBN 978-1-920138-52-3



Inhoudsopgawe

Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak	4
Na 40 Dae sal jy... ..	6
Meer as net 'n buiteblad-prentjie	7
10 Oktober – Kaalvoetdag.....	8
DEEL 1 DIE GROTER PRENTJIE	9
Dag 1 Verhoudinge ... Wat 'n uitdaging!.....	9
Dag 2 Arbeidsverhoudinge ... Wat het dit met my geloof in Christus te doen?	11
Dag 3 Nuwe mense leef op 'n nuwe manier.....	14
DEEL 2 DIE VISIE.....	17
Dag 4 Verhoudinge ... Dis die visie!.....	17
Dag 5 Berei eers die grond voor	19
Dag 6 Eenheid en samewerking is kenmerkend van <i>God's Way</i> (1)....	21
Dag 7 Eenheid en samewerking is kenmerkend van <i>God's Way</i> (2).....	23
Dag 8 Eenheid en samewerking is kenmerkend van <i>God's Way</i> (3).....	25
Dag 9 Watter uitkoms wil jy bereik?	27
DEEL 3 BREË BEGINSELS VIR ALLE VERHOUDINGE	29
Dag 10 'n Standaard, hoër as dié van ongelowiges	29
Dag 11 Wat God aan jou gedoen het, moet jy aan ander doen!.....	31
Dag 12 Jy moet ander mense liefhê!	34
Dag 13 Stel jouself in die plek van die ánder persoon.....	37
Dag 14 Probeer eers verstaan, voordat jy verstaan wil word	39
Dag 15 Tree op soos Jesus	41
Dag 16 Erken as jy verkeerd is	43
DEEL 4 ARBEID	45
Dag 17 Werk is Aanbidding	45
Dag 18 Werk maak liefde sigbaar	47
Dag 19 Werk vir die regte redes	49



DEEL 5 DIE ARBEIDER	52
Dag 20 Hoe dink jy oor arbeiders?.....	52
Dag 21 Arbeiders: Mense geskep na die beeld van God	54
Dag 22 Arbeiders: Mense met potensiaal, maar ook beperkinge	56
Dag 23 Arbeiders: Mense met normale behoeftes	58
Dag 24 Arbeiders: Mense vir wie 'n prys betaal is.....	61
Dag 25 Arbeiders sal ook rekenskap gee	63
DEEL 6 BEMAGTIGING	65
Dag 26 Bemagtiging begin by God	65
Dag 27 Bemagtig deur te seën	67
Dag 28 Bemagtig met verantwoordelikheid.....	69
Dag 29 Bemagtig met jou teenwoordigheid	70
Dag 30 Bemagtig met vaardighede.....	72
Dag 31 Bemagtig met kennis	74
Dag 32 Bemagtig mense deur vir hulle te bid	75
DEEL 7 GEMOTIVEERD OM PRODUKTIEF TE WEES	77
Dag 33 Produktiwiteit.....	77
Dag 34 Trots is dié sleutel tot motivering	79
DEEL 8 WANNEER DINGE SKEEFLOOP	83
Dag 35 Dissipline.....	83
Dag 36 Skrifbeginsels en praktiese toepassings (1)	86
Dag 37 Nog Skrifbeginsels en praktiese toepassings (2).....	88
Dag 38 Wen-wen-oplossings in tye van konflik	90
Dag 39 Tegnieke van die wen-wen-benadering	93
SLOT.....	96
Dag 40 Vaste verbintenis	96



Hoe om die meeste van die Gebedsfokus te maak

Ek wil jou aanmoedig om hierdie Gebedsfokus in jou persoonlike stiltetyd deur te werk, selfs al neem dit jou langer as die voorgestelde 40 dae. Sien dit as 'n kursus om jou te help om jou verhoudinge te verbeter. Ek wil jou ook aanmoedig om die dagstukkies saam met 'n medegelowige of in 'n kleingroep deur te werk. Julle kan vir mekaar tot groot hulp wees. Bestel ook die reeks DVD's van Dr. Arnold Mol waarna in hierdie publikasie verwys word op bladsy 77 by AMOS.

Om die meeste van hierdie 40 dae te maak, moet jy:

1. Beplan en organiseer

Benut elke bestaande gebedsgeleentheid. Skep ook nuwe geleenthede om gedurende dié tyd saam met ander te bid. Daar is baie moontlikhede, maar dit gaan nie vanself gebeur nie. Julle moet moeite doen en deeglik beplan. Dink aan die volgende:

- Jou persoonlike **stiltetyd**;
- Gebede **aan tafel** (dis dié geleentheid om vir die landbou te bid);
- Met **invaltyd, uitvaltyd** of **gedurende middagetes** kan tyd aan gebed afgestaan word;
- Gebruik julle **bestaande kleingroepbyeenkomste**;
- Tydens **eredienste** kan 'n boer, boervrou, kind of plaaswerker gevra word om spesiaal voorbidding vir die landbou te doen;
- Reël 'n **bid-en-vas naweek, spesiale gebedsgeleenthede** (bidure), asook **halfnag- of deurnag-gebedsgeleenthede**;
- Mobiliseer **bejaardes, kinders en gebedsgroepe** om te bid;
- **Bemark** die *40-Dae Gebedsfokus* so wyd as moontlik. Benut die plaaslike koerante en radiostasies. Onthou, dié riglyne verskyn ook in Afrikaans en Engels op AMOS se tuisblad: www.amosafrica.net. Dit mag vrylik gedupliseer word.

2. Lees die Skrifgedeeltes

Lees so veel as moontlik van die Skrifgedeeltes! Die belangrikste is om die Gees die geleentheid te gee om deur die Woord aan die woord te kom.



3. Bely sonde

Al word dit nie spesifiek by elke dagstukkies genoem nie, is dit uiters belangrik om deurgaans aandag te gee aan die vier belangrike sake wat in **2 Kronieke 7:14** genoem word:

- Laat die Heilige Gees berou in jou werk;
- Bid en bely alle sonde waarvan die Gees jou oortuig;
- Vra na die wil van die Here en gehoorsaam dit;
- Draai terug van jou bose weë. Draai jou rug op alles wat in die lig van die Woord nie God se goedkeuring wegdra nie.

4. Gebedsriglyne

Die gebede en/of gebedsriglyne gee 'n aanduiding waarvoor gebed kan word. Dis nie wettiese voorskrifte nie. Bid oor alles wat die Heilige Gees op jou hart plaas.

5. Kweek die dissipline om te vas en gehoorsaam te wees

Daar is verskeie goeie boeke op die mark oor vas en gebed. Lees dit gerus. Die *40-Dae Gebedsfokus* is 'n ideale geleentheid om jou selfbeheersing en dissipline op te skerp. Jy kan soos Esterhulle vir drie dae niks eet of drink nie (Ester 4:16), of soos Daniël en sy vriende net groente eet en water drink (Daniël 1:12).

Oorweeg dit om byvoorbeeld vir dié 40 dae te vas van iets waarvan jy baie hou: Drink geen koffie of Coke nie; eet geen lekkergoed of sjokolade nie; eet geen vleis, suiwel of brood nie. Jy kan ook besluit om nie 'n tweede bord kos te eet nie, geen tonikums te drink of ander stimulant te gebruik nie. Gebruik byvoorbeeld liever die tyd wat jy na 'n spesifieke TV-program sou kyk, om te bid. Daar is soveel moontlikhede. Dis belangrik om self by die Here te hoor wat jy/julle moet doen.

Dis nie net kos, TV, ensovoorts, wat ek en jy moet leer om soms te los nie. Ons moet veral leer om **altyd ons sonde en ongehoorsaamheid te los**. Ons moet vas van ons bose werke en breek met slegte gewoontes. Gebruik dus ook hierdie 40 dae om die dissipline van gehoorsaamheid aan te leer en in te oefen.



Na 40 Dae sal jy...

- ✓ Weet wat die verband tussen jou geloof in Christus en jou arbeids-verhoudinge is;
- ✓ Verstaan watter belangrike rol verhoudinge in die visie, ***Living and Farming God's Way***, speel.
- ✓ Weet watter *God's Way*-beginsel lê ten grondslag van goeie verhoudinge;
- ✓ In staat wees om al jou verhoudinge te verbeter deur Bybelse beginsels vir verhoudinge prakties toe te pas;
- ✓ Weet wat die Bybel ons oor werk leer;
- ✓ Weet wat die Woord oor arbeiders sê;
- ✓ In staat wees om jou personeel te bemagtig soos God jou bemagtig;
- ✓ In staat wees om jou personeel effektief te motiveer en hulle produktiwiteit te verbeter;
- ✓ Weet hoe om werkers *God's Way* te dissiplineer;
- ✓ In staat wees om wen-wen-oplossings te vind wanneer daar konflik is;
- ✓ Sal jou gebedslewe verryk wees en jou gebede tot seën vir die landbou;
- ✓ 'n Geleentheid kry om jou skriftelik te verbind tot die uitleef van *God's Way*-beginsels in die werkplek. Jou skriftelike verbintenis sal help met die transformasie van die landelike en boerderygemeenskap.

Geseënd is elkeen wat, deur mooi verhoudinge, die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.

Hennie Viljoen




Meer as net 'n buiteblad-prentjie

God gee oorvloed reën
Dan vloei die water in riviere heen
Van plaas tot plaas bring dit nuwe lewe en seën

Langs die Oranjerivier is ons só bewus daarvan dat die seën wat ons hier geniet, die gevolg is van reën wat elders geval het.

Mag jy die rivier wees
wat die oorvloed wat jy van God ontvang,
laai deurvloei na almal rondom jou.



Daar is genoeg krag en energie in hierdie eenvoudige waarheid om arbeidsverhoudinge in die landbou radikaal te verander tot eer van God en tot voordeel van alle mense.

Kom ons doen dit!



10 Oktober – Kaalvoetdag

In AMOS is 10 Oktober jaarliks **Kaalvoetdag**. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; Hosea 3).

Die doel van Kaalvoetdag is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer.

God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons*. Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20).

Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.

Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

Dis ook 'n besondere getuienis-geleentheid. Oral gaan mense vir jou

vra: *Waarom loop jy kaalvoet?*

Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde tekswerse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.

Kom ons begin 'n “*movement*”.
Kom ons boer jaarliks kaalvoet
op **10 Oktober!**



DEEL 1

DIE GROTER PRENTJIE

Dit is belangrik om eers na die groter prentjie te kyk en te verstaan dat die uitdagings wat verhoudinge aan my en jou stel, alles met ons geloof in Christus te doen het.

Dag 1

Verhoudinge ... Wat 'n uitdaging!

Lees: Titus 3:3 en Matteus 7:12

Daar is al méér trane in hierdie wêreld gestort oor **gebroke verhoudinge** as oor enige iets anders! **Gebroke verhoudinge** het deur die eeue tot groter ellende as natuurrampe gelei. **Gebroke verhoudinge** is meestal die vuurhoutjie wat humeure laat opvlam en onberekenbare skade tot gevolg het. **Gebroke verhoudinge** het mense al miljoene rande aan regs-koste uit die sak gejaag en baie duur oorloë veroorsaak. Die wortels van **gebroke verhoudinge** is baie en groei welig. Titus 3:3 help ons om iets hiervan te verstaan: *Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot (luste); ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.* Al hierdie dinge lei tot **gebroke verhoudinge**.

Goeie en gesonde verhoudinge was, is en sal altyd 'n uitdaging bly, want daar is 'n magdom goed wat verhoudinge negatief beïnvloed. Verhoudinge gaan oor **mense**. 'n Mens is gees, siel en liggaam (1 Tessalonisense 5:23). Dis hoofsaaklik op die sielsvlak waar mense in verhouding met mekaar tree. Ons kan die siel omskryf as die **wil, intellek en emosies** van 'n mens. Kom ons kyk hoe dit verhoudinge beïnvloed.



Intellek (denke): Die eerste en belangrikste ding wat verhoudinge beïnvloed, is **hoe ons oor mense dink**. Wat is ons diepste hartsoortuiging? As jy glo mense het uit 'n aap ontwikkel, gaan dit jou optrede beïnvloed. As jy glo party mense is beter en méér méns as ander, gaan dit jou verhoudinge beïnvloed. Wat jy van mans, vrouens, kinders, gestremdes, oumense, ander volke en rasse, werkers, werkgewers, arm of ryk mense dink, het alles 'n onbewuste, maar reuse invloed op jou verhouding met hulle. Dink na oor hoe jy werklik oor elkeen van dié groepe dink. Stem dit wat jy dink ooreen met die boodskap van die Bybel?

Wil: Verhoudinge word ook grootliks beïnvloed deur 'n mens se **wil**. Mense is eiesinnig en selfsugtig. Hulle wil graag hê, maar wil nie gee nie. Hulle wil gedien word, maar wil nie dien nie. Hulle wil geëer word, maar wil nie ander prys nie. Hulle wil verstaan word, maar wil nie ander se punt insien nie. Slegs wanneer God mense se wil verander en dit in ooreenstemming met sy wil bring, sal verhoudinge verbeter.

Emosies: Verhoudinge word ook deur ons **emosies** beïnvloed: seerkry-ervaringe; bitterheid; vrees; skuldgevoelens; 'n gevoel van verwerping en minderwaardigheid; wantroue en agterdog oor ander se motiewe en verskuilde agendas; ensovoorts. Jy kan net aan ander mense gee wat jy self het. Omdat daar soveel stukkend en seer in mense se lewe is, is dit so maklik om ander seer te maak.

Naas al hierdie goed binne-in ons, is daar ook nog 'n hele klomp goed wat van buite af kom en ons verhoudinge beïnvloed en bemoeilik. Byvoorbeeld: kultuurverskille; die gaping tussen ryk en arm; die verskil in sosiale en ekonomiese omstandighede waarbinne mense grootgeword het; politieke uitsprake en inmenging; die spoed waarteen ons lewe (goeie verhoudinge word nie in die hardloop gebou nie); die afstand tussen mense se woon- en werkplek; ekonomiese realiteite wat die vergoeding van personeel beïnvloed¹; opvoeding, en ook die opleiding en bekwaamheid van mense. En só kan ons aanhou.

¹ Jy vind riglyne vir die vergoeding van arbeiders in die boekie "*Wees die hand waardeur God jou arbeiders seën*". Jy kan dit bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net, of jy kan dit gratis aflaai by www.amosafrica.net



NOGTANS is die opdrag van die Here baie duidelik: *Jy moet jou naaste liefhê soos jouself* (Matteus 22:39b). *Jy moet aan ander doen wat jy graag wil hê hulle aan jou moet doen* (Matteus 7:12).

Dit is nie menslik moontlik om hierdie opdrag elke dag, die hele dag, teenoor alle mense na te kom nie. Veral nie binne 'n stukkende wêreld vol stukkende, sondige mense nie. **Dáárom moet ons dit van God afsmeek.** Hy maak dit moontlik in antwoord op ons gebede. Kom ons fokus vir die volgende 40 dae op die herstel en bou van verhoudinge.

Gebedsfokus:

- † Huil 'n slag voor die Here oor die gebroke verhoudinge in jou huis en jou boerdery/besigheid. Stort jou hart voor Hom uit.
- † Vra dat die Here by jǒú sal begin en jǒú sal verander. Vra dat Hy jou sal help en leer hoe om dit vir ander mense maklik te maak om jou lief te hê.
- † Bid dat die Here jou gedurende die volgende 40 dae sal leer hoe om verhoudinge te herstel en te bou - beginnende by jou eie huwelik, gesin, familie en besigheid.

Dag 2

Arbeidsverhoudinge:

Wat het dit met my geloof in Christus te doen?

Lees: Hebreërs 12:28

Hoewel baie mense Sondae kerk toe gaan en hulleself Christene noem, is die meeste waarskynlik week-ateïste. Baie Christene handhaaf 'n skeiding tussen geloof en lewe. Hulle verdeel hulle lewe in kompartemente: politiek, sport, kerk, werk, ontspanning, huisgesin, ensovoorts. Dié sake het dan niks met mekaar, en veral nie met geloof te doen nie. As dit waar is, is baie mense inderdaad week-ateïste, of anders gestel, net Sondag-Christene.



Daarom word Christene gedurende die week baie keer nie as volgelinge van Jesus uitgeken nie. Wat het geword van ons vaste verbintenisse tot 'n lewensstyl in ooreenstemming met die Evangelie van Jesus Christus (Filippense 1:27a)? In Efesiërs 4:1 skryf Paulus: *Ek druk julle dit op die hart, ... Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.*

Nie almal is só onverskillig met die praktiese uitlewing van hulle geloof nie. Baie toegewyde Christene begeer opreg om in alles volgens die Evangelie te lewe. Maar omdat hulle nie altyd presies weet wat die Woord sê oor al die sake waarmee hulle van Maandag tot Saterdag te doen het nie, is daar soms 'n onvermoë om volgens die Evangelie te leef.

Kom ons kyk na **die kernboodskap van die Bybel:**

SONDE

Almal het
gesondig en
kan hulself
nie red nie.

(Romeine 3:23;
Romeine 8:8;
Johannes 3:3)

VERLOSSING

Ons word, sonder dat
ons dit verdien, alleen
uit genade deur geloof
in Christus vrygespreek.

As kinders van God
ontvang ons 'n ewige
erfenis, verniet!

(Johannes 14:6;
Efesiërs 2:8-10;
1 Petrus 1:3-5;
1 Johannes 5:12-13)

DANKBAARHEID

Ons hele lewe moet
nou uitdrukking gee
aan ons dankbaarheid
vir ons verlossing,
want ons het dit nie
verdien nie!

(Psalm 103:1-5;
Romeine 6:13;
Romeine 12:1;
1 Korintiërs 10:31;
Kolossense 3:17;
Hebreërs 12:28;
2 Petrus 1:10)

Twee belangrike vrae: 1) Is jy 100% seker dat jy deur Christus Jesus gered is en die ewige lewe besit (2 Korintiërs 13:5 en 1 Johannes 5:12-13)? [Indien nie, moet jy dadelik met iemand gaan praat wat jou kan help. Moenie uitstel nie!] 2) Hoe sien mense jou? As iemand wat uit dankbaarheid elke dag dít leef wat jy Sondag bely? Of sien hulle jou as 'n week-ateïs? Kan jy jou antwoorde motiveer met konkrete voorbeelde?



Die Woord leer dus dat nuwe mense 'n nuwe lewenstyl het!

Jy kan allerhande wonderlike dinge vir diere leer. Jy kan byvoorbeeld 'n perd leer om soos 'n mens op twee pote te loop. Met inspanning kry die perd dit vir 'n oomblik reg, maar sodra hy moeg of honger word, skrik of 'n bronstige merrie raakloop, keer hy dadelik terug na sy natuurlike manier van loop: op vier pote! Waarom? Hy het “menslike gedrag” aangeleer, maar hy het nie 'n mens geword nie. Hy het sy ou identiteit as perd behou.

Daar is nog 'n diertjie op die plaas – heelwat minder gewild! Die ruspe! In 'n stadium “sterf” die ruspe. Dan word hy weer gebore as 'n mot of 'n skoenlapper. As gevolg van sy “wedergeboorte” het sy **identiteit onherroeplik verander. Dáárom het sy gedrag ook verander.** In teenstelling met die perd se aangeleerde gedrag, is die mot se gedrag nou “ingebore”. Hy kán nog op die grond loop soos die wurm, maar dis die uitsondering. Normaalweg vlieg hy.

Wat beteken hierdie beeld? Dit help nie om die ou onbekeerde mens te probeer leer om soos 'n nuwe geredde mens te lewe nie. Nie net die mens se gedrag nie, maar die mens sélf moet verander. Baie mense tree soms soos Christene op, maar sodra probleme opduik, neem die ou natuur oor en doen hulle dinge net soos die wêreld dit doen. As 'n arbeider die bakkie stamp, of as dit lyk of die veldbrand wil hande uitruk, begin hulle op hul werkers vloek en skel. Wanneer hulle 'n skinderstorie hoor, vertel hulle dit met smaak oor en dit versprei soos 'n veldbrand. Die geselskap en omstandighede waarin hulle verkeer, bepaal of hulle Christelik optree, óf nie. Dit is amper soos die mense waarvan ons in Psalm 50:16-20 lees.

Gebedsfokus:

† Bid dat landelike en boerderygemeenskappe oral in Afrika die kern van die Evangelie, die *Goeie Nuus*, sal verstaan, aanvaar en uitleef. (Onthou net dat SA deel van Afrika is.)



- † Praat met die Here oor Handeling 26:20. Daar sê Paulus: *Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys deur dade wat by die bekering pas.*
- † Bid dat Christene vrug sal dra wat by hulle bekering pas.

Dag 3

Nuwe mense leef op 'n nuwe manier

Lees: Efesiërs 4:23-24

Die volgende vier stellings is waar van elke Christen:

1. In en deur Christus het God jou 'n **nuwe mens gemaak** (Johannes 1:12-13; 2 Korintiërs 5:17-18a; en Efesiërs 4:24).
2. Uit dankbaarheid vir jou verlossing uit die dood (Efesiërs 2:1-10), moet jy **soos 'n nuwe mens lewe** (Romeine 6:13 en Efesiërs 4:17-24).
3. **Nuwe mense leef tot verheerliking van God** (1 Korintiërs 10:31 en Kolossense 3:17). Dit beteken dat alles wat jy is en alles wat jy doen, 'n kompliment vir jou Skepper, Herskepper en Verlosser moet wees. As mense sien hoe jy nou leef, moet hulle die Één wat jou 'n nuwe mens gemaak het, komplimenteer en prys (Matteus 5:16 en Jeremia 13:11).
4. Só omvattend moet jou dankbaarheid wees, dat jy kan sê: Daar is nie net 'n spesifieke tyd vir die beoefening van godsdiens nie. **Alles** wat ek doen, is **diens** aan God. My **hele lewe is 'n dankdiens** vir die verlossing wat ek in Christus van God ontvang het.

Jou werk; hoe jy jou grond benut en bestuur; hoe jy jou geld gebruik; jou verhouding met jou arbeiders en mede-boere, dít het alles met die kruis op Golgota te doen. Dit is 'n “*dankie-sê*” vir daardie kruis! Dit is wat die Here ons in sy Woord leer.



In Efesiërs 1:1 - 4:16 lees ons hoe God ons verlos het en deel van sy huisgesin en volk gemaak het. Dan, in Efesiërs 4:17-24, skryf Paulus dat ons nou moet nuut dink en nuut lewe, omdat God ons nuwe mense gemaak het. Vanaf Efesiërs 4:25 tot 6:20 verduidelik Paulus dan hoe dié nuwe lewe lyk. **Dis opvallend dat dié nuwe lewe nie tot godsdiens beperk is nie. Dit sluit letterlik die hele lewe in** (Vgl. ook Kolossense 2:20 tot 4:6):

- † gesprekke en taalgebruik;
- † humeur en die hantering van woede;
- † werk;
- † lewensonderhoud en finansies;
- † verhouding met mense, ook hulle wat jou kwaad aandoen;
- † humor en grappe;
- † seks, reinheid en onsedelikheid;
- † keuse van vriende;
- † verhouding met jouself;
- † benutting van geleenthede en tydsbestuur;
- † drinkgewoontes;
- † huwelik en huweliksverhouding;
- † kinderopvoeding;
- † **ARBEIDSVERHOUDINGE** (Efesiërs 6:5-9; Kolossense 3:22 – 4:1);
- † geestelike oorlogstryd;
- † kerklike lewe en verantwoordelikheid.

Ek dink dit was die kerkhervormer, Martin Luther, wat gesê het dat



Hond, is jou baas 'n christen?

Christenskap 'n mens se hele lewe so radikaal verander dat selfs jou hond sal agterkom as jy tot bekering gekom het. Volgens die Woord is Luther heeltamal reg. Jou arbeiders en selfs jou kleinvee sal óók weet of jy 'n Christen is of nie (Spreuke 12:10 en Spreuke 27:23-27, asook Efesiërs 6:5-9 en Kolossense 3:22 – 4:1).



Wat is dus God se antwoord op ons vraag: *Arbeidsverhoudinge... Wat het dit met my geloof in Christus te doen?* Die antwoord is: **Alles! Arbeidsverhoudinge is één van die maniere waarop ek my dankbaarheid vir my verlossing moet uitleef.**

Arbeidsverhoudinge is dus deel van jou lewe van dankbaarheid! Deur jou arbeidsverhoudinge moet jy God komplimenter en verheerlik vir dit wat Hy in jou lewe gedoen het. Is jou arbeidsverhoudinge 'n kompliment vir Hom? **Sê mense, ook jou arbeiders, mooi dinge van God as gevolg van jou mooi verhouding met hulle?**

Gebedsfokus:

- † Bid dat landbouers nie net Christelike gedrag sal aanleer nie, maar werklik nuwe mense sal word. Bid vir hulle wedergeboorte, redding en verlossing.
- † Bid dat Christen-landbouers se dankbaarheid vir hulle verlossing, in hulle arbeidsverhoudinge sigbaar sal word. Bid dat **dankbaarheid** hulle sal motiveer tot beter verhoudinge.
- † Bid dat alle Christene in die landelike en boerderygemeenskap se oë sal oopgaan om te verstaan dat Christenskap nie tot godsdiens beperk kan word nie, maar dat dit jou hele lewe insluit.



DEEL 2

DIE VISIE

Die visie van Amos Agrimin is: ***Living and Farming God's Way***. Hierdie gedeelte gaan oor een van die ***God's Way***-beginsels wat direk in verband met verhoudinge staan.

God's Way is eenheid en samewerking!

Dag 4

Verhoudinge ... Dis die visie!

Lees: Habakuk 2:2-3; Handeling 20:22-24 en 26:18-19

As die Here praat en 'n visie gee, moet ons dit altyd voor oë hou. Ons moet dit gehoorsaam en ons doelgerig daarvoor beywer.

Op 13 Augustus 1993 het die Here die Amos-visie op die plaas Swartwater naby Memel in die Noord-Oos-Vrystaat aan ons gegee. Aanvanklik het ons dit geformuleer as *Elke plaas vir Christus*. In 2005 is die visie herformuleer na *Living and Farming God's Way*. Dit het egter nie die inhoud of betekenis van die visie verander nie. Op die vraag, wanneer is 'n plaas vir Christus gewen, was die antwoord nog altyd: ***Wanneer almal op die plaas met die hart glo, met die mond bely en met hul dade bewys dat Christus hulle Here en Koning is.*** Kortom, 'n plaas is vir Christus gewen wanneer *Living and Farming God's Way 24/7* op die plaas sigbaar word.

Herstelde, gesonde en goeie **verhoudinge maak die Koninkryk sigbaar!** In Johannes 13:35 sê Jesus: *Dit is hoe almal sal weet dat julle my dissipels is - as julle liefde teenoor mekaar het* (Nuwe Testament en Psalms – 'n direkte vertaling). Die afwesigheid van goeie verhoudinge, beteken die afwesigheid van die Koninkryk!



Omdat AMOS wil sien dat die **Koninkryk van God** in die landelike- en boerderygemeenskap sigbaar word, kan die hoof funksie van AMOS soos volg saamgevat word:

Amos Agrimin se kernbesigheid is:



- Wat?** Herstel en bou van **verhoudinge** met God (Vader, Seun en Gees), mense en die skepping (natuurlike hulpbronne, ens.)
- Wie?** Landelike- en boerderygemeenskap
- Waar?** Afrika (Suid-Afrika is deel van Afrika)
- Tydsduur?** Totdat verhoudinge herstel is en die Koninkryk sigbaar word
- Waarom?** Dit is die visie wat God in 1993 gegee het en wat Hy sedertdien steeds bevestig
- Hoe?** Deur die verkondiging en demonstrasie van die basiese beginsels van *Living and Farming God's Way*
- Gevolg?** **Shalom** (vrede, geregtigheid, liefde en trou), omdat alle basiese verhoudinge herstel is (vgl. Miga 6:8)



Dit is dus duidelik dat die herstel en bou van verhoudinge die kern van AMOS se visie is, want dit is die kern van die Koninkryk. Gebroke en swak verhoudinge trek 'n streep deur die Koninkryk en 'n *Living and Farming God's Way*-leefstyl. Ek en jy kan nie bekostig om swak verhoudinge te hê nie.

Daarom pleit ek by elke landbouer: moenie die belangrikheid én noodsaaklikheid van die herstel en bou van verhoudinge onderskat nie.

Gebedsfokus:

- † Bid vir die redding van landbouers en hulle gesinne. Bid dat hulle sal groei in hulle verhouding met God.
- † Bid vir landbouers se huweliks- en gesinsverhoudinge, asook arbeidsverhoudinge. Bid vir rasseverhoudinge in die landbou.
- † Bid dat landbouers goeie rentmeesters van die skepping en alles wat die Here aan hulle toevertrou het, sal wees.

Dag 5

Berei eers die grond voor

Lees: Lukas 8:11-15

In die Bybel word beide die Woord en die Koninkryk van God met **saad** vergelyk (Markus 4:1-20 en 4:26-34). Daar is lewe en groeikrag in saad gebêre! Dis egter nie net die gehalte van die saad wat belangrik is nie, maar ook die gehalte van die grond waarin dit geplant word. Goed-voorbereide, vrugbare, diep grond met genoeg vog laat die saad baie beter groei. Daarom moet my en jou hart voorberei en ontvanklik wees. Dit sal maak dat die boodskap van die Woord oor verhoudinge maklik ontkiem en baie vrug dra.



Die *grondontleding* wat ons by Dag 1 gedoen het, wys dat verhoudinge 'n enorme uitdaging is. Die visie van 'n gemeenskap waar verhoudinge herstel en gesond is, is 'n baie groot droom. Wat moet ons doen om die *groot droom* 'n werklikheid te maak ten spyte van die *swak grond*?

Eerstens moet jy al die hulp en ondersteuning kry wat beskikbaar is. Ek praat van *Hulp met 'n hoofletter*. Godsdienste en 'n paar mooi motiverende spreuke sal nie genoeg hulp bied nie. **Jy het Jesus in jou lewe nodig.** Jy moet in Hom wees en Hy in jou (Johannes 15:5). Alleen wanneer Christus deur sy Geestes in jou woon, raak die onmoontlike moontlik, selfs al is dit soms moeilik. Net wanneer jou verhouding met God in en deur Christus herstel is, sal daar blywende herstel in jou verhouding met mense kom. Die *vertikale balk* (God/mens) van die kruis moet eers in plek kom, voordat jy die *horisontale balk* (mens/mens) daarteen kan vassit. As jy nog nie vir Jesus aangeneem het nie, smek ek in die woorde van Paulus by jou om dit nou te doen: *Ons tree dus op as gestuurdes van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees* (2 Korintiërs 5:20-21).

Tweedens moet jy bereid wees om dinge **God's Way** te doen. Hier gaan jou geloof getoets word. Verskeie *God's Way*-beginsels word volledig in 'n ander boek bespreek.² Maar dié **God's Way**-beginsel waarvan jy nou kennis moet neem, is dit: **God's Way is so radikaal anders, dit klink na nonsens!** Baie riglyne uit die Woord van God maak nie enige sin vir ongelowiges nie – net soos die Evangelie van verlossing nie vir hulle enige sin maak nie (1 Korintiërs 1:18-25). Vir hulle is dit dwaasheid. Hulle kan 101 argumente aanvoer waarom opdragte soos dié in Lukas 6:27-36 nie in die praktyk sal werk nie. Jy moet **glo** dat al God se opdragte nie net prakties uitvoerbaar is nie, maar dat dit ook baie beter resultate lewer as die slimhede van die wêreld.

² Daar is 'n volledige bespreking van dié beginsel in die boekie *Living and Farming God's Way* – it's not a slogan, it's a lifestyle. *BASICS*. Jy kan 'n Engelse of Afrikaanse kopie bestel deur 'n e-pos te stuur aan secretary@amosafrica.net of dit gratis aflaai by www.amosafrica.net



Derdens moet jy vrede met jouself maak. Jy moet gesond word. So lank as wat daar wonde, seer en bitterheid in jou lewe is, gaan jy mense om jou seermaak en verhoudinge verder vertroebel. Ek pleit by jou om hulp te gaan soek as jy met emosionele pyn sit. As jy onvergewensgesind en bitter is, al is dit net teenoor een persoon, vergewe dié persoon en raak ontslae van jou bitterheid. Bitterheid versuur **al** jou verhoudinge. Luister na jou binne-praat ('n raak beskrywing wat ek eendag gehoor het vir die gedagtes wat gedurig in jou kop maal): As jy 'n klomp opgekropte emosie het, as jy minderwaardig voel en jouself gedurig bejammer, en as jy gedurig in konflik met jouself is, gaan **al** jou verhoudinge daaronder ly. Kry asseblief hulp. Jy is siek. Jy gaan jou lewe lank sukkel om betekenisvolle verhoudinge te hê. Dié probleem lê diep binne-in jou.

Gebedsfokus:

- † Bid dat elke mens in die landelike en boerderygemeenskap in die Here Jesus sal glo. Bid dat hulle in Hom en Hy in hulle sal leef sodat hulle sy opdragte kan uitvoer.
- † Vra dat die Here jou sal help om te glo dat sy riglyne vir verhoudinge uitvoerbaar is en altyd goeie gevolge het, selfs al klink dit vir jou onmoontlik.
- † Bid vir jou eie innerlike genesing, asook die genesing van almal met wie jy in verhouding staan. Bid dat almal met seer sal kies om te vergewe.

Dag 6

Eenheid en samewerking is kenmerkend van God's Way (1)

Lees: Efesiërs 1:1-14

Daar is absolute eenheid en samewerking tussen die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hulle het alles sáám geskep (Genesis 1:2 en Johannes 1:1-2). Hulle het ook sáám besluit om die mens te skep



(Genesis 1:26). As jy deur die Evangelie van Johannes lees, is die eenheid en samewerking tussen die **Vader en die Seun** baie opvallend (Johannes 1:18; 5:23 en 30; 10:30 en 38; 14:9-11 en 26-31; 15:10; 16:15-24 asook 17:21-23). Baie Skrif-gedeeltes praat oor die eenheid en samewerking tussen die **Vader en die Gees** (Johannes 14:26 en Romeine 8:15). Die **Seun en die Gees** werk ook ten nouste saam (Johannes 14:26 en Romeine 8:9). Dis die Vader wat die Seun met die Heilige Gees toerus om sy opdrag uit te voer (Matteus 3:16-17). Ons verlossing is die resultaat van die samewerking tussen die Vader, Seun en Heilige Gees (Efesiërs 1:1-14).

Eenheid en samewerking is kenmerkend van die Wese van God. Dis hoe God is en dis hoe Hy alles doen. God's Way is eenheid en samewerking!

Omdat ons sy beeld is en Hom verteenwoordig, moet eenheid en samewerking ook kenmerkend van ons lewe wees. Vyandskap, konflik, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, twis en tweedrag pas nie by mense wat hulle tot *Living and Farming God's Way* verbind nie. Dit is gewoontes van ons ou sondige natuur. Ons moet dit uit ons lewe uitroei (Galasiërs 5:19-21).

Is daar eenheid en samewerking in jou gemeenskap en/of op jou plaas? Hoe lyk dit in huwelike en gesinne? Is daar eenheid en samewerking tussen kerke? Is daar eenheid en samewerking tussen werkgewers en werknemers? Is daar eenheid en samewerking tussen leiers en die gemeenskap?

Onthou: *God's Way* is eenheid en samewerking!

Gebedsfokus:

- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir eenheid en samewerking in die landelike en boerdery-gemeenskap, veral tussen almal wat bely dat hulle Christene is.



Dag 7

Eenheid en samewerking is kenmerkend van *God's Way* (2)

Lees: Efesiërs 2:13-16 en Johannes 17:21-23

Daar is absolute eenheid en samewerking tussen die Vader, Seun en Heilige Gees. Eenheid en samewerking is *God's Way*. Dit eindig egter nie hier nie. Jesus het versoening gebring, daarom kring dié eenheid al wyer uit:

- Éérs het God ons een met Jesus Christus gemaak (2 Korintiërs 5:21 en Efesiërs 2:13).
Daarna het Hy ons beveel om een met Hom te wees en in Hom te bly (Johannes 15:4-10 en Kolossense 2:6-7).
- God het ook éérs al sy kinders een gemaak deur hulle in een liggaam, die Kerk van Christus, saam te voeg (Efesiërs 2:14-16).
Daarna het Hy sy kinders beveel om een te wees, selfs al praat hulle verskillende tale en al behoort hulle tot verskillende stamme, volke en nasies (Galasiërs 3:28; Efesiërs 2:13-16 en Kolossense 3:11).

God maak dit altyd vir ons moontlik om sy opdragte uit te voer. **Daarom maak Hy ons éérs een, en dan beveel Hy ons om een te wees. Hy sê ons moet al hoe meer word wat ons rééds is, naamlik een!** Anders gestel: Ons kan een wees omdat Hy ons reeds een gemaak het (Efesiërs 4:3)!

Herstelde verhoudinge, versoening, eenheid en samewerking is alles belangrike kenmerke van *Living and Farming God's Way*. Ek en jy kan nie kies of ons dit wíl doen of nié. Dis 'n opdrag van God en ons móét ons daarvoor beywer. Waar begin ons? By die kruis.

Die kruis van Christus het twee balke: 'n vertikale (regop) en 'n horisontale (dwars) balk. Die regop balk herinner ons daaraan dat Jesus mense met God versoen het. Die dwarsbalk sê Jesus het mense met mekaar versoen. Die dwarsbalk word gedra deur die balk wat regop staan. Werklike versoening tussen mense is die vrug en gevolg van die



versoening tussen God en mens. Daarom moet ons alles in ons vermoë doen om mense vir Christus te wen. Ek en jy moet soos Paulus by mense pleit: *Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees* (2 Korintiërs 5:20-21).

Beywer jou vir die herstel van die landelike en boerderygemeenskap se verhouding met God. Doen alles in jou vermoë om hulle vir Christus te wen (vgl. 1 Korintiërs 9:19-23). Leer dan dié wat vir Christus gewen is, om hulle vir onderlinge eenheid en samewerking te beywer (Johannes 17:21-23). In die volgende gedeelte leer ons hoe om dit te doen.

Wat doen jy om landbouers (werkgewers, werknemers en hulle gesinne) vir Christus te wen?

Onthou: Om mense vir Christus te wen, is deel van *Living and Farming God's Way*. Hoe kan mense *God's Way* leef en boer as hulle Hom nie ken en liefhet nie?

Gebedsfokus:

- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bid vir die redding van landbouers en landbouleiers.
- † Bid dat alle Christene in die landelike en boerderygemeenskap spontaan oor Christus sal getuig. Bid dat hulle ander vir Hom sal wen.



Dag 8

Eenheid en samewerking is kenmerkend van God's Way (3)

Lees: Johannes 16:13-15

Die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, is die volmaakte voorbeeld van eenheid en samewerking. Uit dit wat ons by Hom sien, leer ons wat eenheid en samewerking tussen mense bevorder. Dit is waarna ons in die landbou moet strew.

1. **Goeie kommunikasie:** Daar is voortdurende gesprek tussen die Vader, die Seun en die Gees. Dink aan die ure en nagte wat Jesus in gebed tot die Vader deurgebring het (Lukas 5:16). Hulle praat altyd uit een mond (Johannes 16:13-15).
 - *Gee daarom baie aandag aan positiewe, opbouende kommunikasie. Wanneer mense ingelig is en weet wat aangaan, is eenheid en samewerking altyd makliker.*

2. **Gesamentlike besluite:** Die Drie-enige God het saam besluit om die mens te skep (Genesis 1:26). Toe Jesus die twaalf dissipels moes kies, het Hy nie die besluit op sy eie geneem nie. Hy het deur die nag gebed en sy Vader geraadpleeg (Lukas 6:12-13). So is daar baie voorbeelde.
 - *Daarom is dit so belangrik om mense te betrek wanneer besluite geneem word. Wanneer mense saam besluit het, is hulle baie meer gemotiveerd om saam te werk en die besluite uit te voer.*

3. **Dieselfde doel:** Die Vader, Seun en Gees het dieselfde doel gehad: die verlossing van die mens én die ganse skepping (Efesiërs 1:3-14 en Kolossense 1:19-20).
 - *'n Gedeelde visie waarin elkeen op die plaas sy rol en bydrae verstaan, is belangrik vir eenheid en spanwerk. Dit gee mense die gevoel dat hulle aan die span behoort. Daarom sal elkeen sy beste in belang van die hele span wil gee.*



4. **Verheerlik mekaar:** Die Vader, Seun en Heilige Gees verheerlik mekaar. Al beteken dit baie méér, beteken dit onder andere dat hulle erkenning aan mekaar gee (Johannes 17:4-5).
- *Dit is baie belangrik dat mense ook erkenning aan mekaar gee. Alle mense floreer op positiewe erkenning en terugvoer. "Catching your people doing things right" is 'n baie goeie benadering in arbeidsbestuur. Sê dankie en spreek gereeld waardering uit vir elkeen se bydrae, al is dit hoe gering. Eer en komplimenteer mekaar. Ons het byvoorbeeld die gebruik om ons weeklikse bestuursbyeenkomste te begin deur erkenning aan mekaar te gee. Positiewe terugvoer word deur enige persoon aan enige ander persoon gegee. Dit dra baie daartoe by dat ons bestuursvergaderings positief en opbouend is.*
5. **Liefde is meer as woorde:** Jesus het deur sy gehoorsaamheid gewys dat Hy die Vader liefhet (Johannes 14:31).
- *Dis nie genoeg om net te sê dat jy ander liefhet nie. Maak soos Jesus, bewys jou liefde deur na ander se behoeftes en belange om te sien. Vra hulle uit en luister na hulle drome, ideale en wense. Waar moontlik, help hulle om dit te verwesenlik.*

Hoe vaar jy ten opsigte van bogenoemde vyf sake? Wat doen jy om goeie verhoudinge te bou?

Onthou: Eenheid en samewerking is beslis een van die belangrikste aspekte van *Living and Farming God's Way*. Om goeie verhoudinge te bou, móét altyd vir jou belangrik wees.

Gebedsfokus:

- † Reageer in gebed op God se Woord.
- † Bely swak kommunikasie.
- † Bely jou neiging om namens ander te besluit sonder om hulle insette te vra.
- † Bely al jou selfsugtige drome en ideale.
- † Bely jou versuim om dank en waardering uit te spreek.
- † Bely liefde wat net mooi woorde bly en nooit oorgaan in daade nie.



† Vra die Vader om die landelike en boerderygemeenskap met bogenoemde te help.

Dag 9

Watter uitkoms wil jy bereik?

Lees: Romeine 12:1-2

Jy mag dalk begin droom hoe hierdie 40 dae jou werkers gaan verander en hulle meer verantwoordelik en produktief maak. Hoe hulle jou minder moeilikheid gaan gee. Moenie só daarvoor dink nie. Ek is bang dat jy teleurgestel sal wees as hulle nie só baie en só vinnig verander as wat jy gehoop het nie.

Hier is goeie raad: Sorg dat jy realistiese doelwitte stel. Stel doelwitte waarvan die uitkoms net deur jouself bepaal word. Kom ek verduidelik: Dikwels stel ons vir onself doelwitte, maar ons het geen beheer oor die uitkoms nie. Dit lei gewoonlik tot groot frustrasie, diep teleurstelling en soms tot totale moedeloosheid. Dit gebeur veral wanneer jy ander mense probeer verander en positief beïnvloed. Byvoorbeeld: **As ek 'n doelwit sou stel om opleiding vir 50 mense aan te bied**, sal ek beslis diep teleurgestel wees as net 15 mense opdaag. Jy sien, ek het nie beheer oor mense, hulle programme en omstandighede, hulle finansiële vermoëns, toewyding, prioriteite of besluite nie. Maar as my doelwit is: **Ek wil die beste opleier wees waartoe ek in staat is**, hang die uitkoms nie af van ander mense of omstandighede buite my beheer nie. Ek kan dus suksesvol wees selfs al daag net tien studente op.

My raad is: Moenie in die eerste plek daarop ingestel wees om jou personeel te verander nie. Moenie jou droom oor beter arbeidsverhoudinge afhanklik maak van jou arbeiders se samewerking nie. **Verander en groei self. Maak dit jou doelwit om die beste werkgewer moontlik te word.** Dan is die kans baie goed dat jou arbeiders óók sal verander. Hulle sal jou voorbeeld volg.



Dink 'n bietjie na: *Soek die uitstekende, betroubare, vaardige, produktiewe en verantwoordelike werkers waarna jy soek, na 'n werkgewer soos jy? Of soek hulle dalk 'n beter werkgewer?* Miskien moet jy vir jou 'n nuwe doelwit stel: ***Becoming the person you are looking for, are looking for!*** ('n Uitdaging wat Andy Stanley aan jongmense stel wat op soek is na 'n huweliksmaat.) Hoe moet jy verander sodat goeie werkers uit vrye wil sal kies om vir jǒu, en nie vir iemand anders te werk nie? Ek was diep getref deur die droom van 'n jong boer in die Karoo: *Ek wil die werkgewer van voorkeur in die distrik word. Die eerste keuse van almal wat werk soek!*

Hoe beter jy jouself toerus om met mense te werk, hoe groter is die kans dat jy goeie werkers sal kry. Selfs jou gemiddelde tipe werkers sal ook algaande beter en beter word!

Gebedsfokus:

- † Bid en vra die Here om jou te help om eerste te verander. Vra Hy moet jou deur sy Woord en Gees leer hoe om die beste werkgewer (of werknemer) te word wat jy kan.
- † Vra dat die Here jou, ten opsigte van arbeidsverhoudinge, sal wys wat jy moet sien, leer wat jy moet weet en sal sê wat jy moet doen.
- † Bid dat beide werkgewers en werknemers altyd meer oor verhoudinge sal wil leer. Bid dat hulle nie altyd die skuld vir swak verhoudinge op ander sal pak nie.

Naskrif: Waak teen die versoeking om God te dank dat jy nie só sleg soos jou werkers is nie! Lees Lukas 18:9-14.



DEEL 3

BREË BEGINSELS VIR ALLE VERHOUDINGE

Dit is onmoontlik om 'n volledige lys reëls vir verhoudinge, wat vir alle omstandighede voorsiening maak, op te stel. Daar sal altyd situasies wees waarvoor daar nie 'n reël is nie. Die lewe is so gekompliseerd dat 'n mens nie altyd volgens 'n vaste reël kan optree nie (*Vergelyk Spreuke 26:4-5*). Christene behoort nie wetties en onder 'n stel reëls te leef nie. Hulle moet deur die Gees gelei word om die breë beginsels wat in die Woord vervat is, in elke situasie reg toe te pas (*Romeine 7:6 en 8:9 en 14*). Daarom kyk ons eerstens na 'n paar beginsels wat God ons in sy Woord gee. **God's Word, God's Will and God's Way** is immers die riglyn waarvolgens ons lewe.

Dag 10

'n Standaard, hoër as dié van ongelowiges

Lees: Matteus 5:43-48 en Galasiërs 5:25

Het jy jousef al ooit gevra: *Wat onderskei my as Christen se optrede, van die manier hoe ongelowiges teenoor ander optree? Hoe sal mense aan my optrede kan sien dat ek 'n Christen, en nie 'n heiden/ongelowige is nie?*

Daar is net twee moontlike maniere waarop jy teenoor mense kan optree. Die **eerste** een is: **Jy kan aan hulle doen wat hulle aan jou doen**. Dan vergeld jy goed met goed en kwaad met kwaad. Veral laasgenoemde se einde is bitter.

Jannie en Sannie sit saam by 'n tafel en kleur prente in. Jannie stamp per ongeluk aan Sannie en sy trek 'n lelike streep oor haar prent. Sy reageer deur terug te stamp en Jannie trek 'n nog langer streep oor sy prent. Nou is hý weer kwaad en besluit om Sannie met rente terug te betaal. Hy skouer haar onverwags dat sy amper van haar stoel afval.



Sy trek 'n aaklige streep dwarsoor haar prent. Hoe sal dit eindig as hulle mekaar elke keer "met rente" terugbetaal? Beslis met twee stukkende inkleurboeke op die vloer... !

Ek en jy doen dit baie. Jy groet dié wat jou groet. Jy help dié wat jou help. Jy sê mooi dinge van mense wat mooipraat van jǒú. Maar jy stuur iemand wat jou kwaad aandoen vinnig hel toe. Jy beledig die wat volgens jou oordeel droogmaak. Jy skel die persoon wat vir jou toeter druk of voor jou inry.

Die skokkende waarheid van die Woord is: As jy aan ander doen (goed of sleg) wat hulle aan jou doen, is jy niks beter as die heiden, die tollenaar en die sondaar nie (Matteus 5:46-47). Daar is geen verskil in julle optrede nie. Hou dus dadelik op om aan ander te doen wat hulle aan jou doen.

Die belangrikste gedragsreël vir die kinders van God is: My optrede as Christen teenoor mense mag nie bepaal word deur hulle optrede (of houding) teenoor my nie. My optrede moet bepaal word deur God se optrede teenoor my. **Die Gees IN my, en nie die persoon VOOR my nie, moet my optrede bepaal** (Galasiërs 5:25)! Daarom verwag Christus van my en jou om ook ons vyande lief te hê, om goed te doen aan mense wat ons haat, en om hulle wat ons kwaad aandoen, te seën (Lukas 6:27-36). Hy beveel ons om die kwaad met die goeie te oorwin (Romeine 12:21). Dit is wat Jesus gedoen het (Lukas 23:34 en 1 Petrus 2:18-25).

Om so op te tree, is **God's Way!** Ek sal nie verbaas wees as jy nou uitroep en sê: *Dis onmoontlik! Dit sal nie in die praktyk werk nie.* Jou reaksie is verstaanbaar. Maar onthou, **God's Way** is so radikaal anders as wat óns dink en doen, dat dit dikwels na nonsens klink! Maar dit is nie. Dis die wysheid van God wat radikaal anders is as wat ons dink. Al maak sy voorskrifte vir verhoudinge nie vir jou sin nie, dit werk! Begin dit net toepas. Jy sal sien.



Gebedsfokus:


- † Bid Galasiërs 5:25 - *Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.*
- † Bid dat Christene radikaal anders as nie-Christene sal leef en optree. Bid dat hulle as kinders van die Vader uitgeken sal word.
- † Bid teen die bese kringloop van konflik, wraak en geweld wat ontstaan wanneer mense mekaar gedurig wil terugbetaal. Bid teen die versoeking om die hulp van bese magte vir dié doel in te roep. (Lees Deuteronomium 18:9-14.)

Dag 11

Wat God aan jou gedoen het, moet jy aan ander doen!

Lees: 1 Johannes 4:11 en 19

Jy weet reeds dat God wil hê jou optrede teenoor mense moet bepaal word deur sy Gees wat **IN** jou is, en nie deur die optrede van die mense wat **VOOR** jou staan nie. Kom ons bou voort op hierdie belangrike fondasie.



Hierdie beginsel kom dikwels in die Bybel voor:

- ✓ Omdat God jou **liefhet**, moet jy ander mense liefhê!
Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê. ... Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het (1 Johannes 4:11 en 19).



- ✓ Omdat God teenoor jou **barmhartig** is, moet jy ook aan ander barmhartigheid bewys!
Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is (Lukas 6:36).
- ✓ Omdat God jou **vergewe** het, moet jy vergewe!
Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het (Efesiërs 4:32 en Kolossense 3:13. Lees ook Matteus 18:21-35).
- ✓ Omdat God die Vader jou altyd **bemoedig**, moet jy ander bemoedig!
Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus, die Vader van barmhartigheid en die God van alle bemoediging. Hy bemoedig ons in al ons verdrukings, sodat ons hulle wat in allerlei verdrukings verkeer, kan bemoedig met die bemoediging waarmee ons self deur God bemoedig word (2 Korintiërs 1:3-4 Nuwe Testament en Psalms - 'n Direkte vertaling).
- ✓ Omdat Jesus **nie** selfsugtig was en net aan Homself en sy **eie belang** gedink het nie, maar aan wat vir jou belangrik en voordelig is, moet jy ook ander se belange eerste stel.
Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar óók aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees as wat daar ook in Christus Jesus was: ... (Filippense 2:3-5 en verder; Romeine 15:1b-3a).
- ✓ Omdat Jesus ons kom **dien** en sy lewe vir ons afgelê het, moet ons mekaar dien en bereid wees om alles vir mekaar op te offer.
Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens (dit is Jesus) het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense (Markus 10:43-35, asook Johannes 13:14-15 en 1 Johannes 3:16-18).
- ✓ Omdat Jesus jou **aanvaar** het, moet jy ander aanvaar!
Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God (Romeine 15:7).




Dit is **“God’s Way!”** Die beginsel is baie duidelik: **Wat God aan jou gedoen het, moet jy aan ander doen!** Die uitleef van hierdie beginsel onderskei my en jou van heidene. Lees weer Matteus 5:43-48. Die toepassing van hierdie beginsel is die enigste oplossing vir die bese kringloop wat ontstaan wanneer kwaad met kwaad vergeld word. Die Here sê uitdruklik dat jy dit nie mag doen nie (vergelyk Romeine 12:21; Eksodus 23:4-5; Spreuke 25:21-22). Hy verbied ons ook om bly te wees oor die val van ons vyande (Spreuke 24:17-18 en Job 31:29-30).

Wat God aan jou gedoen het, moet jy aan ander doen! Ek hoor hoe jy redeneer: *Die toepassing van hierdie beginsel sal tot chaos op die plaas lei. Daar sal geen dissipline meer wees nie. Arbeiders sal regte kansvatters word as hulle agterkom jy vergewe gou, en vergeld nie maklik nie.*

Moenie God se wysheid bevraagteken nie. **“God’s Way is the best way!”** Die toepassing van hierdie beginsel beteken beslis nie dat jy nooit ferm mag optree en dissiplinêre stappe kan neem nie. **Net soos liefde en vergifnis, is die toepassing van tug en dissipline óók ’n Christelike beginsel wat gehandhaaf moet word.** Maar moenie vloek en skel of onregverdig wees wanneer jy iemand tereg wys nie. Jy moet ander reghelp soos God jou as sy kind tug en dissiplineer – met liefde en tot jou voordeel (Hebreërs 12:4-12).

Wanneer jy aan ander doen wat God aan jou doen, bring jy lig in ’n donker wêreld. Dit is heeltemal anders as waaraan mense gewoond is. Dit is so mooi dat hulle die Vader in die hemel begin verheerlik (Matteus 5:16). Hulle sien en beleef iets van God se Vaderhart.



Wanneer dit gebeur, leef jy werklik tot eer van God en is jou lewe en verhoudinge reeds ’n getuieis - ’n stuk sendingwerk!



Gebedsfokus:

- † Bid dat God se kinders hierdie beginsel in hulle huwelik, gesin, gemeenskap en werkplek sal begin toepas. Bid ook vir die uitleef van hierdie beginsel op julle plaas.
- † Bid dat die landelike en boerderygemeenskap, waarvan jy deel is, só teenoor mense sal optree dat God die Vader daardeur verheerlik word. Mense moet opgewonde raak oor, en vol lof wees vir ons Christene se Vader.
- † Bid vir die realisering van Amos Agrimin se visie, *Living and Farming God's Way*.

Dag 12

Jy moet ander mense liefhê!

Lees: Matteus 22:39 en 1 Johannes 4:19

Jy moet jou medemens liefhê **omdat** God jou liefhet. Hierdie beginsel staan direk in verband met die eerste, meer omvattende beginsel.

Die liefdesgebod sluit almal in. Jy moet al jou **medegelowiges** liefhê. Hulle is jou broers en susters in die Here, al behoort hulle aan ander stamme, volke en nasies en al praat hulle ander tale of behoort aan ander kerke (Kolossense 3:11). As jy dink dat iemand nie 'n medegelowige is nie, dan sê die Woord jy móét jou **medemens** liefhê. As jy iemand nie as jou medemens wil aanvaar nie, sê die Woord jy móét jou **vyande** liefhê. Daar is geen uitkoms nie: **medegelowiges, medemens, vyand!** Jy móét almal liefhê!

Die liefdesgebod geld ook in arbeidsverhoudinge. Liefde moet aan almal bewys word, ongeag hulle sosiale posisie (werkgewer of werknemer; geleerd of ongeletterd; ryk of arm; belangrik of onbelangrik), volksverband, kultuur of geloofsoortuiging. Ek en jy moet liefhê omdat God ons éérste liefgehad het. Jy moenie jou medemens liefhê net as hy/sy wonderlik is of een of ander teenprestasie kan lewer nie.



In Levitikus 19:17-18 en vers 33-34 lees ons van **grenslose** liefde! *Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie. Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here. ... Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God.*

Jy mag nie liefhê volgens jou eie goeddunke of menslike oorwegings nie. Die motief agter jou liefde kan so maklik verkeerd wees. Jou liefde mag dalk deur selfsug en eiebelang gemotiveer word. Jy dink net aan wat jy kan ontvang. Só mag jou liefde nie wees nie. My en jou liefde moet soos Jesus se liefde wees. Hy is vir ons 'n voorbeeld van ware selfverloënde, opofferende en dienende liefde (1 Johannes 3:16-18 en Markus 10:45).

Ons het so gewoon geraak aan die liefdesgebod in Matteus 22:37-40 dat ons nooit stil word en diep daarvoor nadink nie. Kom ons doen dit nou:

Matteus 7:12 sê: *Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen.* Hoe wil jy hê moet jou personeel, of jou werkgewer, teenoor jou optree? Skryf drie dinge neer.

.....

.....

.....

Tree jy altyd só op? Moenie blind wees vir jou eie foute nie. Bid en vra die Heilige Gees om jou te wys wanneer en waar jy nie optree soos jy verwag dat ander teenoor jou sal optree nie. Skryf dit neer en bely dit:

.....



As die Here vir jou vra om net twee bewyse te gee dat jy jou werknemers/werkgewer, net so liefhet soos jouself (Matteus 22:39), wat sal jy antwoord?

.....

.....

Bevestig jou optrede teenoor jou werkgewer of werknemers dat jy hulle werklik liefhet? Dink aan dinge soos aanspreekvorme, vergoeding, deernisverlof, geestelike bediening, voorbidding, ensovoorts. Weerspieël dit liefde as jy na jou arbeiders as “hande” verwys? Het jy jou arbeiders werklik lief as jy nooit hulle name voor die Troon van God noem nie? Kan jy sê dat jy hulle liefhet as jy sien hulle is sonder God en sonder hoop in hierdie wêreld (Efesiërs 2:12), maar jy doen niks om hulle aan Christus bekend te stel nie? Is dit liefde as jy saam lag vir rassistiese grappe? Waarom vloek jy mense as jy nie wil hê hulle moet jou vloek nie?

Johannes 3:16 is baie bekend. Dit praat oor God se liefde vir ons! Maar 1 Johannes 3:16 is minder bekend. Dit praat oor die verantwoordelikheid wat God se liefde op ons plaas. Ons moet ander liefhê, nie net met woorde nie, maar met die daad en dan in opregtheid (1 Johannes 3:16-18).

By geleentheid het ek 'n vriend in Zonderwater Gevangenis besoek. Hy was 'n boer en dien 'n lewenslange vonnis uit. Hy dien nou die Here. Maar 'n paar jaar gelede het dinge lelik skeefgegaan in sy lewe. Ons het gepraat oor wat hy in die proses geleer het. Ek het hom gevra wat die één ding is wat hy graag vir sy medeboere wil sê. Hy het onmiddellik geantwoord: *“Verhoudinge! Boere moet werk aan hulle verhoudinge. Hulle moet begin by hulle huwelik en gesin. Dís waar dit nag is. Ek weet. Ek het saam met, en tussen hulle gelewe en geboer. Kry eers jou huis in orde, dan sal jou arbeidsverhoudinge ook verbeter.* Dis só waar! Die meeste geweldsmisdade vind binne huise en in gesinne plaas.



Gebedsfokus:

- † As jy so gewoon geraak het aan die liefdesgebod dat jy skoon vergeet het dat jy veronderstel is om dié opdrag uit te voer, bely dit voor die Here. Bely jou gebrek aan praktiese en onselfsugtige liefde.
- † Vra dat die Here sý liefde in landbouers se harte sal uitstort - die liefde wat Hy vir ons gehad het toe ons nog sondaars was (Romeine 5:5-10). Dan sal ons mekaar kan liefhê, ten spyte van sonde.
- † Bid vir grenslose liefde. Dis liefde oor alle grense wat sigbaar word in ons daaglikse lewe.

Dag 13

Stel jouself in die plek van die ánder persoon


Lees: Hebreërs 2:14-18 en 4:15, asook Filippense 2:2-8

Ek het eendag dié storie gehoor: *Kritiek, vooroordele, liefdelose veroordeling, kwaadpraterij en 'n gebrek aan begrip vir mekaar was in 'n klein dorpie aan die orde van die dag. Almal was later moeg hiervoor. 'n Wyse ou grysaard kom toe met 'n goeie plan vorendag. Die inwoners moes een dag elke jaar skoene ruil. Nie letterlik nie, maar figuurlik. Hulle moes rolle en plekke ruil. Hulle moes mekaar se werk doen en mekaar se verantwoordelikhede neem. Die gesonde rugbyspeler moes in die gestremde se rolstoel rondbeweeg. Die burgemeester moes die strate help vee en die man wat altyd die meeste oor die dominee se preek te sê gehad het, moes preek. Die gemeenskap moes leer hoe dit voel om in 'n ander se skoene te staan. Gou het hulle baie meer begrip vir mekaar gehad. Die plek-ruilery het gewerk!*

Dit was meer as net 'n goeie plan. Die ou man se voorstel was 'n Bybelse beginsel vir goeie verhoudinge.



Jesus het met ons kom plekke ruil. Hy het nie net ons skoene kom dra nie, maar ook ons vleis, ons vel, ons swakheid en ons sonde. Hoekom? Sodat Hy barmhartig kan wees, vol begrip en medelye met ons swakhede. Hy verwag nou dieselfde gesindheid van ons (Hebreërs 2:14-18 en 4:15, asook Filippense 2:2-8). Dit sluit aan by die beginsel wat jy nou al ken:



Christus het Homself in jou plek kom stel, daarom moet jy jouself in die plek van jou medemens stel. Dan sal jy meer begrip en 'n sagter hart vir jou medemens hê.

*My broer, Albert, is gedurende September 1984 op 'n plaas in Strausburg, naby Upington vermoor. Dit was 'n harde slag. Sy oudste kind was 18 maande oud en sy vrou was ses maande swanger met hul tweede baba. Terwyl die vier verdagtes (party was minderjarig) in aanhouding was, het ek die geleentheid gehad om hulle te besoek. Hulle oë was leweloos! Donker! Dood! Toe ek dit sien het die Gees my aan Hebreërs 2 herinner. In plaas van net veroordeel, het ek probeer verstaan. **Dit was 'n Goddelike wonderwerk!** Dié vrae het in my hart opgekom: **As my** ouers van Donderdagaand tot Dinsdag elke week dronk was, en dalk nog werkloos; **as ek** saam met agt ander in 'n enkelvertrek-sinkhuisie in Upington se somerson en winterkoue gebly het; **as ek** gemolesteer is deur familie; **as ek** menige dag honger gaan slaap het; **as ek** nie skoolgegaan het nie, **en as** al my maats kwaaddoen-straatkinders was; **as ek** as kind nie erkenning, liefde, sekuriteit en aanvaarding by my ouers gekry het nie; **as ek** nie die Here Jesus in my lewe gehad het nie en dus sonder hoop in hierdie wêreld was, wat sou my verhinder het om dieselfde te doen? Ek sê nie dit was al vier se omstandighede nie. Ek keur ook nie goed wat hulle gedoen het nie. Inteendeel! Ek wil net met jou deel wat dié dag en in die hofsaak daarna in my lewe gebeur het: Deur die werking van die Gees en die Woord het ek beseft hoe nodig dit is om my in die plek van iemand anders te stel. Dit is nodig sodat ek, net soos Jesus, óók medelye kan hê.*



Ek dink ook aan wat ek jare gelede in die Oos-Kaap beleef het. Henry ('n Bruin man) het my vertel dat hulle grond in Hankey, vroeg in die sewentigerjare onder die apartheidswetgewing onteien is. Toe sy pa-hulle geweier het om die grond te verlaat, is hulle binne drie weke in 'n polisievangwa geboender en van die grond verwyder. Met trane in sy oë wou hy by my weet waarom dit nou jare moet neem om die stukkie grond terug te kry. Vergeet vir 'n oomblik van al die tegniese probleme en uitdagings rakende grondhervorming in Suid-Afrika. Probeer Henry se hart hoor. Probeer jou in sy skoene plaas. As ons almal maar net meer begrip vir mekaar kan kry, sal verhoudinge baie daarby baat!

Net soos die vorige beginsels, kom hierdie een ook nie vanself nie. Ek en jy moet gereeld vir die Vader vra om ons te help, te leer en te wys hoe om onself in ander se skoene te plaas.

Gebedsfokus:

- † Dank die Here Jesus dat Hy volledig mens geword het sodat Hy my en jou kan verstaan en geduld met ons swakhede kan hê.
- † Bid vir die praktiese toepassing van hierdie beginsel in elke situasie in die landbou waar daar spanning en konflik is.
- † Bid baie spesifiek vir die toepassing van hierdie beginsel in arbeidsverhoudinge.

Dag 14

Probeer eers verstaan, voordat jy verstaan wil word

Lees: Jakobus 1:19

Een manier om uitvoering te gee aan die opdrag om jouself in die plek van iemand anders te stel, is deur 'n gewoonte aan te leer wat Stephen Covey in sy boek, *The Seven Habits of Highly Effective People* verduidelik. Dit is: ***Seek first to understand, then to be understood!***



In Jakobus 1:19 word dit baie mooi gestel: ...elke mens moet maar te gewillig wees om te *luister*, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie (1983-Vertaling). In die *New International Version* (NIV) word dit só vertaal: *Everyone should be quick to listen, slow to speak* ... Hierdie beginsel en hierdie teks wil eintlik sê: **Jy het twee ore en een mond. Gebruik dit in dieselfde verhouding.** Luister twee keer soveel as wat jy praat.

Mense het dikwels 'n groter behoefte om **verstaan** te word as om gehelp te word. Daarom moet jy luister **totdat** die ander persoon ervaar dat jy hom of haar werklik verstaan. Wanneer iemand praat, is ons dikwels alreeds besig om te dink wat ons wil sê of antwoord, in plaas daarvan om te luister en te verstaan wat die ander een sê. Ons val mekaar dikwels in die rede. Die boodskap wat die ander persoon dan kry is: *Wat jy sê is belangriker as wat ek wil sê.*

“Luister met die doel om te verstaan” is 'n vaardigheid wat aangeleer en inge oefen moet word. Vir die meeste van ons kom dit nie natuurlik nie. Maar dit is nogal 'n gevaarlike vaardigheid om aan te leer, want as jy leer om te **luister met die doel om te verstaan**, loop jy die risiko om anders te begin dink. Dan moet jy self verander. Iemand wat nie *wil* verander nie, of bang is vir verandering, luister nie somer met aandag nie.

Wanneer iemand ervaar dat hy/sy verstaan word, is die fondasie vir goeie verhoudinge gelê. Wanneer jy iemand werklik verstaan, het jy daarin geslaag om jou in daardie persoon se plek te stel. Verstaan jy waarom iemand bang is vir toordery? Verstaan jy die groepsdruk of familiedruk wat jou kind beleef? Verstaan jy hoe iemand wat arm is, dink en redeneer? Weet jy wat in jôu lewe vir mense aanstoot gee?

In die werkplek is kommunikasie dikwels feitelik. Opdragte word gegee. Werk word bespreek. Dis al! Kommunikasie op emosionele en gevoelsvlak vind selde plaas. Daarom kan mense vir jare saam werk, sonder om mekaar werklik te ken of te verstaan.

Om uit te vind hoe mense dink, redeneer en voel, moet jy baie vrae vra. Vrae soos: *Hoe voel julle as hier iemand op die plaas kom, my met die*



hand groet maar julle ignoreer al staan julle langs my? Wat het gister gebeur dat jy vanoggend so bewolk by die werk opdaag? Is daar iets wat jy graag vir my wil sê? Hoe voel jy oor jou blyplek? Wat is jou droom vir jou gesin? Vertel my meer oor jou kinderdae. Waar en hoe het jy grootgeword? Wat maak jou seer en ongelukkig?

Gebedsfokus:

- † Bid dat ons almal sal leer om te luister, en nie soos dwase net daarin sal belangstel om ons eie opinie bekend te maak nie (Spreek 18:2).
- † Bid vir goeie kommunikasie in die landbou. Bid veral vir die kommunikasie tussen landbouers en die regering. Bid dat hulle mekaar regtig sal verstaan en mekaar se belange op die hart sal dra.
- † Bid dat werkgewers en werknemers moeite sal doen om mekaar te leer verstaan.

Dag 15 **Tree op soos Jesus**

Lees: 1 Johannes 2:6

In 'n boekie oor die vrug op sendingwerk in die Transkei, het ek die volgende storie gelees: *By geleentheid het 'n Xhosaman en -vrou in die straat gestap. Hulle was deftig aangetrek en op pad na 'n spesiale geleentheid. Toe hulle by 'n klompie straatkinders verbystap, het een van die kinders 'n bol groen slym oor die Xhosaman se netjiese baadjie gespoeg. Die man het hom bloedig vererg en wou die kind gryp. Maar sy vrou het haar hand op sy skouer gesit en gesê: **Hulle het op Jesus ook gespoeg** (Matteus 26:67-68 en 1 Petrus 2:21-23). Onmiddellik het die man hardop gebid: **Put me in your fridge, Lord. Put me in your fridge.***

Die Heilige Gees vuur ons aan vir Christus. Maar dikwels moet Hy ons ook afkoel wanneer ons humeure opvlam.



Om 'n Christen te wees, is om 'n dissipel van Jesus te wees. Om 'n dissipel te wees, is baie meer as om 'n paar dinge te weet, aan tafel te bid en kerk toe te gaan. Dissipels moet die voorbeeld van hulle Meester volg (Johannes 13:15 en 1 Petrus 2:21). In moeilike omstandighede is dit goed om stil te word en te vra: **Wat sou Jesus gedoen het?** [Baie Christene dra die *What Would Jesus Do* (WWJD) armbandjies om hulle aan dié vraag te herinner.] Soms is dit makliker om te weet wat Jesus nié sou gedoen het nie, as om te weet wát Hy sou gedoen het. Moenie doen wat Hý nie sou gedoen het nie.

Christene het 'n duidelike opdrag om soos Jesus te lewe. 1 Johannes 2:6 sê: *Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het* (1983-Vertaling). Die Heilige Gees is getrou. As jy opreg vra wat Jesus in jou situasie sou gedoen het, sal die Gees jou die regte antwoord gee.

Jy as gelowige moet soos Jesus lewe. Jy moet ook ander aanmoedig om só te lewe. Dit is wat Paulus gedoen het. In 1 Korintiërs 11:1 skryf hy: *Volg my voorbeeld soos ek die voorbeeld van Christus volg.* (Lees ook Filippense 4:9)

Jesus het vir ons prakties kom demonstreer wat ons in Spreuke 17:9 en 19:11 lees: *Wie 'n verkeerde optrede teenoor homself verontagsaam, soek goeie verhoudinge; wie 'n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende.* En: *'n Verstandige mens betuel sy humeur, en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees.*

Ek en jy moenie so gou kwaad word en aanstoot neem as mense ons kwaad aandoen nie. Ons moet eerder áltyd die eerste wees om vergifnis te vra as ons verkeerd teenoor ander opgetree het. Dit bring ons by die volgende beginsel waarop gesonde verhoudinge gebou word.

Gebedsfokus:

† *Here Jesus, deur u Gees leef U in my en deur die geloof leef ek in U. Gee my u denkwyse* (vgl. 1 Korintiërs 2:16b – Nuwe Testament en Psalms 'n Direkte Vertaling). *Leer my asseblief om soos*



*U te dink en te redeneer, sodat ek ook soos U kan lewe.
Kom leef u lewe deur my.*

- † Bid dat Christene altyd 'n voorbeeld van onberispelike gedrag sal stel. Bid dat hulle gehoorsaam sal wees aan die Woord in 1 Petrus 2:12: *Gedra julle goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening* (1983 Vertaling).

Dag 16

Erken as jy verkeerd is

Lees: 1 Petrus 5:5

Net 'n dwaas dink dat hy/sy altyd reg is. Elke saak het altyd twee kante (Spreuke 18:17).

Dis vir die meeste van ons moeilik om te erken dat ons verkeerd is. 'n Mens voel soms gedwing om dit teenoor 'n "meerdere" te erken. Maar dit is baie moeilik om teenoor jou arbeiders, kinders of 'n vrou te erken dat jy verkeerd is. Jy beskou hulle dalk as jou mindere en voel jou gesag word ondermyn. Jy is bang dat dit jou beeld sal skaad as jy verskoning vra vir jou verkeerde optrede. Jy is bang hulle dink jy is 'n swakkeling. Oppas!

Die uitspraak van die Here teen hoogmoed is verdoemend (Jakobus 4:6; Lukas 18:9-14; Spreuke 6:16-17; 15:25; 16:18; 17:19; 18:12; 29:23; Sefanja 3:12). Hoogmoed lei altyd tot twis en vernietig goeie verhoudinge (**Spreuke 13:10**)! Christus verwag dat ons eerlik sal wees. Ons mag nie voorgee dat ons altyd 100% reg en al die ander verkeerd is nie (Eksodus 20:16 en Efesiërs 4:25, asook 1 Johannes 1:8-10). Erken as jy verkeerd was, en maak reg – of dit nou teenoor 'n werker, 'n kind of 'n vreemdeling is. Dit vra nederigheid teenoor mekaar (1 Petrus 5:5).



Dit toon innerlike krag wanneer jy toelaat en aanvaar dat 'n arbeider jou ook mag kritiseer en tereg wys. Om verskoning te vra as jy verkeerd is, dwing juis respek en agting af by jou personeel, kinders, huweliksmaat en vriende.

Wedersydse erkenning en die vra van verskoning verrig wonder. 'n Ou oom het eendag gesê: $10 + 10 = 100$. Op die vraag hoe hy dáárby uitkom, het hy geantwoord: *Ek het geleer dat as ek en my vrou stry kry, en elkeen is bereid om 10% van die skuld te aanvaar, is die probleem 100% opgelos.*

Jy's nooit 100% onskuldig nie (1 Johannes 1:8-10; Spreuke 16:2 en 18:17). Bely éérste jou aandeel in die probleem (al is dit hoe klein, dalk net iets wat jy nagelaat het om te doen), dis 'n teken van nederigheid en opregte berou oor sonde. Dit bring openheid tussen mense en skep ruimte vir 'n egte herstelde verhouding.

Wanneer 'n arbeider voel dat alles altyd sy skuld is as dinge verkeerd loop, en dat die "baas" altyd reg is, veroorsaak dit 'n hele klomp opgekropte emosies by hom. Een of ander tyd gaan dit tot 'n uitbarsting kom. Dit geld ook vir kinders wat beleef hulle is altyd verkeerd en hulle ouers altyd reg. Hulle voel verontreg. Mense wat verontreg voel, bou 'n muur om hulle om hulle teen dié onreg te probeer beskerm. Hulle isoleer hulleself en raak ontoeganklik (Spreuke 18:19a). Dit vernietig gesonde verhoudinge.

Gebedsfokus:

- † Bid vir nederigheid in die landbougemeenskap om twis en konflik te voorkom (Spreuke 13:12).
- † Vra die Here om jou nederig genoeg te maak om éérste verskoning en vergifnis te vra wanneer sonde verhoudinge onder spanning plaas.
- † 'n Verstandige mens beteuel sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees (Spreuke 19:11 in die 1983 Vertaling). Bid vir hierdie ingesteldheid in die landelike- en boerderygemeenskap.



DEEL 4 ARBEID

Hoewel hierdie Gebedsfokus nie in die eerste plek oor arbeid en werksetiek handel nie, kan ek ook nie oor arbeidsverhoudinge skryf sonder om iets oor **arbeid** self te sê nie. As jou siening van **werk** (arbeid) nie ooreenstem met God se siening nie, sal jy ook 'n negatiewe siening van arbeiders hê. Kom ons kyk kortliks na wat die Woord oor werk sê.

Jy kry 'n vollediger bespreking van **werk** in Deel 5 van die boekie *Living and Farming God's Way – it's not a slogan, it's a lifestyle. BASICS*. Jy kan 'n Engelse of Afrikaanse kopie bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net of dit gratis aflaai by www.amosafrica.net

Dag 17 Werk is Aanbidding

Lees: Genesis 1:28; 1 Korintiërs 10:31 en Kolossense 3:17

God sê in sy Woord dat werk (ons arbeid) nie die gevolg is van die sondeval nie. Werk is nie iets sleg of negatief nie. Werk het wel swaar en moeilik geraak as gevolg van die sondeval (Genesis 3:17-19). Maar al het Adam en Eva nooit gesondig nie, sou ons in elk geval gewerk het. **Vóór die sondeval** het die Here al aan die mens die opdrag gegee om die aarde te bewoon, te bewerk en daarvoor te heers (Genesis 1:28). Die mens moes ook die aarde oppas (Genesis 2:15). *Bewoon, bewerk, heers* en *oppas* is almal **werkwoorde**. Dis werk wat gedoen moet word. Deur te werk, gehoorsaam ons God se opdrag aan alle mense.

Die doel van al ons arbeid is in die eerste plek **om God te verheerlik** deur die werk te doen wat Hy ons gegee het. In Genesis is die woord wat vir *werk* en *aanbidding* gebruik word, dieselfde, naamlik diens. Dis ook die woord wat Paulus gebruik om die ampte in die kerk te omskryf. (Johan Carstens – Revolusie in die werkplek bl. xi). Daarom bely ons in AMOS **werk is**



deel van ons aanbidding van die lewende God. **Work is Worship!** Om te werk is dus 'n groot voorreg. Dis nie 'n vloek nie!

Oral in die Bybel beveel die Here ons om te werk:

vóór die sondeval in Genesis 1,

ná die sondeval in die Ou Testament,

maar ook in die Nuwe Testament **nadat** Christus aan die kruis alles in die hemel en op die aarde met God versoen het (Kolossense 1:20).

Dit was nog altyd God se wil en opdrag dat ons moet werk.

Die vierde gebod (Eksodus 20:9) sê dat ons gereeld moet rus. Maar die Here sê ook duidelik dat ons ses dae van die week móét werk omdat Hy gewerk het. (Dit beteken nie dat God net ses dae gewerk het, en toe nooit weer nie – Lees Johannes 5:17).

Hoe belangrik dit is om te werk, lees ons in 2 Tessalonisense 3:7-15.

- Eerstens gebruik Paulus die **Naam en die gesag van die Here** Jesus as hy met die gemeente oor werk praat. Hy is nie besig om vir hulle te sê hoe hý oor werk dink en voel nie. Hy praat namens God as hy sê dat daar gewerk moet word.
- Tweedens wys Paulus die gemeente op die **voorbeeld** wat hy vir hulle gestel het. Hy het dag en nag baie hard gewerk, en hy verwag van hulle om sy voorbeeld te volg. Hy is dus sêlf gehoorsaam aan die opdrag van die Here.
- Derdens **beveel** Paulus, wéér op gesag van die Here Jesus, die Christene om op hulle werk te fokus en hulle eie brood te verdien. Dis die Here wat wil hê ons moet werk.
- Vierdens sê Paulus dat **leeglêery en luiheid gestraf moet word**, want dis onaanvaarbaar vir God. Die luiheid is so irriterend soos rook in die oë en asyn teen die tande (Spreuke 10:26). Leeglêery is ongehoorsaamheid aan God en daarom **sonde** in sy oë. Daarom moet Christene wegbly van medegelowiges wat nie wil werk nie. Hulle moet bid dat die leeglêers sal skaam kry en begin werk. Maar lui mense moet nog swaarder gestraf word. Hulle moet ook honger ly. *As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.* (2 Tessalonisense 3:10) Omdat luiheid sonde is, lei dit tot armoede en veroorsaak dit baie pyn en ellende. [Lees die volgende Skrifgedeeltes:



Spreuke 6:9-11; Spreuke 14:23; Spreuke 18:9; Spreuke 20:13; Spreuke 24:30-34 en Spreuke 26:13-16.]

Soos Paulus en die vrou in Spreuke 31:10-31 moet ons as Christene ook hard werk en só 'n goeie voorbeeld stel (Handelinge 20:35 en Efesiërs 4:28).

Gebedsfokus:

- † Dank die Here vir die voorreg om werk te hê. Bid teen die valse opvatting dat werk die gevolg van die sondeval en daarom 'n vloek is.
- † Dank die Here vir alle plaaswerkers en vir die harde werk wat hulle doen. Bid dat Hy hulle sal seën.
- † ***Work is Worship!*** Bid dat dit 'n groeiende oortuiging by Christene word. Bid dat alle landbouers (werkgewers en werknemers, mans en vroue) daarom altyd werk van hoogstaande gehalte sal doen. Bid dat hulle trots op hulle werk sal wees, al is dit hoe gering in die oë van ander.
- † Bid dat Afrika deur harde werk self iets aan die armoede en hongersnood op die kontinent sal doen. (Ek weet die probleem is baie kompleks. Maar die algemene opvatting in Afrika dat werk 'n vloek is, dra beslis by tot die armoede-probleem.)

Dag 18

Werk maak liefde sigbaar

Lees: Genesis 29:16-30 en Daniël 6:5-6

Jakob was bereid om sewe jaar lank te werk om met Ragel te rou. Omdat hy **deur liefde gemotiveer** was, was die sewe jaar vir hom soos 'n paar dae (Genesis 29:20). Dis vandag nog so. As jy iemand liefhet, doen jy graag iets vir daardie persoon. Dan is niks vir jou té sleg, of té veel moeite nie.



Ek glo dat Jakob uitstekende werk vir sy skoonpa gedoen het. As Ragel na Jakob se werk gekyk het, dan was dit vir haar duidelik: Hierdie man is werklik lief vir my! **Work is love made visible!** Die onderwyser, polisiebeampte, ingenieur en landbouer bewys hulle liefde vir die gemeenskap deur werk van hoogstaande gehalte te doen. Die kwaliteit van hulle werk is immers die bewys dat hulle nie hul eie belang soek nie, maar die voordeel van ander.

Ons werk maak ons liefde vir mense sigbaar. Dit maak ook ons liefde vir God sigbaar.

Dis 'n groot voorreg om te boer vir dié Een wat jy liefhet. Boer daarom so goed as wat jy kan. Daniël is vir ons 'n voorbeeld (Daniël 6:5-6). Hy het vir 'n heidense koning gewerk wat sy mense baie kwaad aangedoen het. Tog het hy sy werk so goed en reg gedoen dat niemand enige fout daarmee kon vind nie. Daniël se werk was van 'n baie hoë gehalte omdat hy verstaan het dat sy eintlike werkgewer nie die heidense koning was nie. Hy het eintlik vir die Here, vir wie hy baie lief was, gewerk.

Baie mense dink die Here se werk is net *geestelike* werk. Dis 'n leuen. Paulus sê vir slawe, wat hande-arbeid gedoen het, dat hulle in diens van die Here staan. Dáárom moet hulle ook hulle slawe-werk van harte en met vreugde doen. Hulle moet dit vir die Here doen (Kolossense 3:22-4:1 en Efesiërs 6:5-9)! **Boere, plaaswerkers, fabriekswerkers, mynwerkers, ambagsmanne – onthou, julle doen óók die Here se werk!**

Landbouers (werkgewers en werknemers), onthou, ons boer vir die Here. Boerdery is ook God se werk. Ons roei indringerplante uit vir die Here; in opdrag van die Here sorg ons dat ons weet wat ons kleinvee nodig het; ons snoei die wingerd vir die Here; ons maak die tuin mooi vir die Here; ons hou boek van ons inkomste en uitgawe vir die Here; ons doen die boerdery se papierwerk vir die Here; ons voer appels uit namens die Here; ons bewerk ons lande en snoei ons bome vir die Here; ons lei water vir die Here!

Dit maak nie saak watter werk jy doen nie, solank jy werk van 'n hoë gehalte lewer omdat jy dit vir die Here doen; omdat jy Hom en jou medemens liefhet; en omdat jy God se standaard nastreef.



Dit is geen skande om op 'n plaas te werk nie. Plaaswerkers is nie minderwaardig nie, selfs al is sommige ongeletterd. Niemand mag op hulle neersien nie. Net soos werkgewers, werk plaaswerkers ook vir die Here! En onthou, Hy trek niemand voor nie (Efesiërs 6:9 en Kolossense 3:25 tot 4:1).

Gebedsfokus:

- † Dank die Here vir die voorreg wat jy het om vir Hom te werk, in watter beroep jy ook al staan.
- † Bid dat Christene met die gesindheid van Jakob en Daniël sal werk.
- † *Work is Love made Visible!* Bid dat die Here jou en alle landbouers sal leer om altyd werk van hoogstaande gehalte te doen, sodat ons liefde vir Hom en vir mense duidelik in ons werk gesien kan word.

Dag 19

Werk vir die regte redes

Lees: 1 Timoteus 5:3-8 en Titus 2:9-10

Dit gebeur so maklik dat mense die regte goed doen, maar om verkeerde redes. Onlangs het een van my personeel vir sy leerling-bestuurderslisensie gegaan. Hy het baie hard geleer *om die toets te slaag*. Dit was die regte ding om te doen, maar vir die verkeerde rede. Die eintlike rede waarom hy moes leer was nie om die toets deur te kom nie, maar om 'n goeie padgebruiker en veilige bestuurder te word. Dieselfde gebeur met die dra van veiligheids gordels. As ek sien daar is verkeersbeamptes langs die pad, sit ek gou my gordel aan *sodat ek nie gevang word nie*. Dis die regte ding om te doen, maar weereens om die verkeerde rede. Ek moet altyd die gordel dra ter wille van my eie veiligheid, nie omdat ek bang is ek word beboet nie.



Dié les kan ons ook toepas op die werk wat ons doen. Om te werk is die regte ding om te doen. Maar waarom werk ons?

Party werk nét om ryk te word en méér en méér te kan koop (1 Timoteus 6:6-10 en Spreuke 23:4-5). Ander werk net totdat hulle genoeg het om te kan aftree (Lukas 12:19). Vir hulle gaan dit nie eintlik oor die werk nie, maar oor die geld. Ander werk net om deur mense gesien en geprys te word, en om in die guns van mense te kom (Kolossense 3:22). Ander werk net as die honger hulle daartoe dryf (Spreuke 16:26).

Die Bybel gee 'n paar belangrike redes waarom ons móét werk. Werk is 'n middel tot 'n doel.

- **EER:** Ons moet werk omdat God so sê. Ons eer Hom deur sy opdrag te gehoorsaam. Werk is aanbidding. *“Work is Worship.”*
- **EET:** Ons moet werk om te kan eet en vir ons huismense te sorg (2 Tessalonisense 3:10-12 en 1 Timoteus 5:4 en 8). Eet verwys hier na basiese lewensbehoefes.
- **GEE:** Ons moet werk om iets te hê om aan armes te gee (Efesiërs 4:28). Om te gee maak mens gelukkiger as om te ontvang (Handelinge 20:35).
- **DIEN:** Deur ons werk dien ons ander. Hulle trek voordeel uit dit wat ons doen (1 Timoteus 6:2). *Living and Farming God's Way* vra dat ons só sal boer dat die land (en Afrika) uit ons werk bevoordeel word. Werk maak liefde sigbaar. *“Work is love made visible!”*
- **GETUIG:** Christenwerkers maak die Evangelie geloofwaardig en aantreklik vir die gemeenskap deur onderdanig, eerlik en in alles betroubaar te wees. Deur die goeie werk wat ons doen, kry die Evangelie waarde in die oë van mense. Lees asseblief Titus 2:9-10!
- **ONS WERK VOLG ONS:** In Openbaring 14:13 lees ons dat ons werk ewigheidswaarde het. As ons, ook **as landbouers**, God hier dien en alles vir Hom doen, sal ons beslis nie eendag met leë hande voor Hom staan nie. Hy sal ons, soos wat Hy belowe het in Kolossense 3:24, beloon vir ons werk. Ons werk wys of ons net godsdienstig is, en of ons Hom 24 uur van elke dag dien.



As jy só werk, sal jy seën ontvang. Jy sal bevrediging ervaar, omdat jy heers soos God jou beveel het. Jy sal trots, menswaardig en gelukkig voel. Om niks te doen en vir niemand iets te beteken nie, is baie sleg. Om van aalmoese te lewe breek mense se selfbeeld en menswaardigheid af.

Ek wil die gedeelte oor **werk** afsluit met die kort storie van John. Ek stap eendag op OR Tambo Lughawe (Johannesburg) in 'n badkamer in. 'n Man groet my vriendelik en sê: ***I am John, your restroom manager. I take pleasure in serving you with nice clean toilets. Enjoy your stay!*** Ek was so uit die veld geslaan en beïndruk dat ek amper vergeet het wat ek in die badkamer wou gaan doen. John se paar woorde som 'n groot deel van wat die Bybel ons oor werk leer, pragtig op. Mag jy met dieselfde gesindheid as John werk, ongeag wat se werk jy doen. Mag jy nooit op iemand neersien wat 'n eenvoudige werk tot eer van God doen nie.

Gebedsfokus:

- † Bid dat Christene vir die regte redes sal hard werk. Bid dat hulle nie van hulle werk 'n afgod maak nie. Bid dat selfsug en selfverryking nooit die doel van hulle arbeid sal wees nie.
- † Bid spesifiek dat alle Christene (werkgewers en werknemers) hulle werk só sal doen, dat dit die Evangelie van Jesus Christus geloofwaardig, waardevol en aantreklik sal maak vir ongeredde mense (vgl. Titus 2:9-10).
- † ***Work is Love made Visible!*** Bid dat die Here jou en alle landbouers sal leer om altyd werk van hoogstaande gehalte te doen, sodat ons liefde vir Hom en vir mense duidelik in ons werk gesien kan word.



DEEL 5 DIE ARBEIDER

Arbeidsverhoudinge gaan in die eerste plek oor **mense**. Dit gaan oor die verhouding tussen werkgewer en werknemer. Daarom is dit noodsaaklik om 'n oomblik stil te staan by die arbeider. Die MENS wat die werk doen. Al skryf ek hierdie deel primêr vir die werkgewer/boer, is dit baie belangrik om te onthou dat alles wat hier oor werknemers gesê word, ook van werkgewers waar is. Werkgewers is ook mense, al dra hulle 'n groter verantwoordelikheid en vervul hulle ander rolle en funksies as werknemers.

Dag 20 Hoe dink jy oor arbeiders?

Lees: Romeine 12:1-2 en Spreuke 4:23

Arbeid en arbeider kan nie geskei word nie. Dit is immers die arbeider wat die arbeid verrig. Hoe 'n boer (of enige ander werkgewer) oor sy arbeiders **DINK**, bepaal hoe hy teenoor sy arbeiders gaan **OPTREE**. Dit bepaal sy arbeidsverhoudinge en -bestuur. Wanneer God ons optrede wil verander, verander en vernuwe Hy altyd eers ons denke, juis omdat ons optrede deur ons denke bepaal word. 'n Nuwe lewenstyl en beter arbeidsverhoudinge begin dus by nuwe denkpatrone. Daarom is dit uiters belangrik om seker te maak dat ons denke oor ons arbeiders en die boodskap van die Bybel in dié verband, ooreenstem.

Hoe dink en voel jy **oor die algemeen** oor plaaswerkers en/of werkers in die landbousektor? Wees eerlik. Som dit hier in vier woorde op:

1. 2.

3. 4.



Die gevaar is dat jou denke oor jou arbeiders (of oor jou werkgewer as jy die werker is) bepaal word deur jou ervaring, deur die daaglikse gebeurtenisse, die uiterlike dinge, die slegte stories van ander (dis mos dié stories wat oortel word, nie die goeies nie). Op grond van wat jy sien, hoor en beleef, kan jy dalk tot 'n **gevolgtrekking** kom wat jy dan sommer van toepassing maak op alle plaaswerkers. Jy kan in die strik trap om te dink alle plaaswerkers kan nie vir hulleself dink nie; dat hulle onverantwoordelik en minderwaardig is; dat hulle grootliks onopleibaar, hopeloos, lui, losbandig, bygelowig en drinkers is.

Die teenoorgestelde is ook moontlik. Jy kan plaaswerkers op grond van wat jy sien, jammer kry en voel hulle is grootliks verontreg. Dan kan jou bejammering en skuldgevoelens maak dat jy heeltemal blind raak vir hulle sonde en swakhede.

Jy kan ook die omstandighede van plaaswerkers vergelyk met die haglike omstandighede in die groot plakkersdorpe en -stede in die land. Dan besluit jy sommer plaaswerkers is bevoorreg om op die plaas te bly waar hulle behuising en voldoende kos het, en nie daagliks vir duur transport hoef te betaal nie.

Hoe jy oor jou arbeiders **dink**, bepaal hoe jy teenoor hulle gaan **optree**. Hoe werknemers oor hulle werkgewers dink, beïnvloed ook weer hulle optrede.

Christene mag nie toelaat dat hulle denke oor hulle arbeiders net deur hierdie uiterlike dinge bepaal word nie. Jy móét vra: Wie is die arbeider? Wie is die mens agter die arbeid? Wat sê die Woord van die Here oor hom of haar?

Gebedsfokus:

† Bid en vra dat die Heilige Gees oor die volgende paar dae vir jou sal wys of die manier hoe jy oor jou arbeiders dink, ooreenstem met die Woord van die Here. Bid dat die Gees jou sal wys waar jou denke verander en vernuwe moet word.



- † Bid teen die neiging om op grond van 'n negatiewe ervaring, algemene gevolgtrekkings oor mense en groepe te maak. [Dit word stereotipering genoem. Dis die oortuiging dat, omdat een persoon iets sleg gedoen het, móét almal wat aan daardie groep behoort, ook só sleg wees. Dít is gewoon nie waar nie.]

Dag 21

Arbeiders: Mense geskep na die beeld van God

Lees: Genesis 1:27-28

Genesis 1 wys duidelik dat die mens die kroon van God se skepping is. Die mens word die beeld van God genoem. Werkgewers én werknemers is na die beeld van God geskep. Beide werkgewers en werknemers is God se verteenwoordigers op hierdie aarde. Werkers moet óók namens God die aarde bewoon, bewerk en bewaar. Hulle moet óók oor die diere heers. Arbeiders is volledig mens.

Alle mense is na die beeld van God geskep en daarom gelyk voor Hom (Efesiërs 6:9b en Kolossense 3:25), ten spyte van die sosiale en arbeid strukture waarbinne ons elke dag leef en werk. Die feit dat alle mense die beeld van God is, gee alle mense besondere waarde. Daarom moet alle mense mekaar eer en respekteer (1 Petrus 2:17).

Ek ry jare gelede oor 'n motorhek na 'n boer se plaas toe. Dit was maar 'n redelik eenvoudige motorhek, om dit sag te stel. *“Wat se simpele motorhek is dit?”*, sê-vra ek toe ek op die plaas aankom. Die boer het nie reageer nie. Later het ek uitgevind hoekom nie. Hy het self die motorhek gebou en my opmerking het hom dus persoonlik beledig.

Spreuke 14:31 leer dat 'n mens se gesindheid en optrede teenoor iemand anders, sy Maker óf beledig, óf eer (vgl. ook Spreuke 17:5). Die mens is God se handewerk. Die mens is die kroon van God se skepping. Die mens verteenwoordig God. Daarom behoort jy agting en respek vir alle mense



te hê, ryk en arm, swart en wit, werkgewer en werknemer, geredde en ongeredde mense. Die mens het immers selfs na die sondeval steeds die beeld van God gebly, al is die beeld ook hoe erg deur die sonde verwing (Genesis 9:6 en Jakobus 3:9).

Dit is sekerlik nie nodig om voorbeelde te noem van veragterende en vernederende name en beskrywings wat soms vir arbeiders gebruik word nie. Omdat jou arbeiders, goed of sleg, geleerd of ongeletterd, bekwaam of onbeholpe, God hier verteenwoordig, verwag God van jou om hulle menswaardig en met respek te behandel. Wys die manier waarop jy jou werkers aanspreek en die “name” wat jy hulle gee, dat jy hulle eer en respekteer?

“Tribalism is a deadly disease in Africa!” Rassisme (die oortuiging dat een stam, ras of volk inherent beter is as ’n ander stam, ras of volk) kom nie net tussen wit, bruin en swart voor nie, maar ook tussen stamme en volke met dieselfde velkleur. Dit is algemeen in Afrika. Rassisme het al tot baie konflik en onreg gelei. Hoor dit hard en duidelik: **Rassisme is sonde! Daar is geen regverdiging daarvoor in die Skrif nie. Weë mense wat die Skrif verdraai en misbruik om hulle verderflike ideologieë wat uit verwaandheid, meerderwaardigheid en rassisme gebore is, te probeer regverdig.** Weë hulle wat die verlossingswerk van Christus wil beperk tot sekere volke. Dis ’n vals evangelie. Neem deeglik kennis van Galasiërs 1:8-9 en 2 Tesseloniese 2:9-11.

Wees versigtig hoe jy oor werkers dink, hoe jy met hulle praat, en ook agteraf oor hulle praat, wetende dat ons almal rekenskap sal moet gee van elke ligsinnige en lasterlike woord wat uit ons mond kom (Matteus 12:34-37 en Matteus 5:21-22).

Gebedsfokus:

- † Bid dat werkgewers en werknemers mekaar as beelddraers van God sal sien, eer en respekteer.
- † Bely alle meerderwaardigheid en elke beledigende opmerking wat jy geneig is om teenoor werkers te maak.



- † Bid téén rassisme (óók *tribalism*) en die negatiewe invloed wat dit op arbeidsverhoudinge het. Praat met die Here oor al die slegte vrugte wat rassisme tot gevolg het. Bely wat bely moet word!

Dag 22

Arbeiders:

Mense met potensiaal, maar ook beperkinge

Lees: Genesis 1:27-28

Anders as die dier, besit die mens wat na die beeld van God geskep is, die vermoë om in verhouding met God en sy medemens te tree; te dink en te redeneer; keuses te maak en besluite te neem; emosies te ervaar en lief te hê; en om gereedskap te maak waarmee hy weer ander goed kan maak.

Die mens het dus as méns moontlikhede, vaardighede en potensiaal – selfs al is dit by baie, as gevolg van verskillende redes, tot 'n groot mate nog onbenut en onontwikkeld.

Kom ons kyk na die volgende beeld. As 'n kind ongeveer tien maande oud is, begin die ouers die kind aanmoedig om te loop. Hulle sê nie die kind kan nie loop nie. Hulle sê die kind kan nog nie loop nie. Hulle gló in die kind se potensiaal om binnekort te kan loop. Indien hulle die kind, elke keer wanneer hy net probeer om op te staan, sou plat druk en maan om tog nie te probeer loop nie (want hy kan dalk val en seerkry), sal die kind nooit leer loop nie.

Indien 'n werkgewer nie glo in die potensiaal van sy werkers nie, sal hy dienooreenkomstig optree, en hulle vaardighede en potensiaal sal nooit ontwikkel nie. Spreek dus gedurig jou geloof in die Godgegewe potensiaal van jou arbeiders uit en moedig hulle aan om meer te leer en hulle vaardighede steeds verder te ontwikkel. Moenie alles namens jou werkers besluit of dit vir hulle doen nie. Leer hulle eerder om probleme op te los en



verantwoordelike besluite te neem. Stel hulle bloot aan nuwe dinge. Gee hulle stelselmatig groter verantwoordelikheid sodat hulle selfstandig, volwasse en onafhanklik word. 'n Volwasse en verantwoordelike arbeider is goud werd in elke besigheid.

Benut die talle kursusse wat beskikbaar is om jou personeel op te lei. Jy sien dalk nie die vrug en resultate die week na die kursus nie, maar ek kan getuig van die verstommende groei by werkers wat oor 'n periode van tien jaar deurlopend aan opleiding blootgestel is. **Elke boerdery behoort jaarliks tyd en geld te begroot vir die opleiding van personeel.**

Die mens het baie potensiaal, maar bly *skepseel* met grense en beperkinge. Hy is nie die *Skepper* nie. As jy dink aan al die wonderlike dinge wat die mens al bereik het op die gebied van die wetenskap en tegnologie, kan jy die mens maklik oorskakel. Maar as jy sien hoe die mens sukkel om sy tong te beheer, besef jy die swakheid en beperkinge van die mensdom. [Iemand het eendag gesê: *My tong gly so maklik, want dis 24 uur van elke dag in 'n nat plek.*] Die gevaar bestaan dat jy te gou te veel van jou werkers verwag en te haastig is met hulle. Jou werkers het, net soos jyself, grense en beperkinge. Daarom moet jy baie geduldig wees.

Afrika het bykans een biljoen mense met 'n gemiddelde ouderdom van 19 jaar. Ek sien 'n kontinent met ongekende potensiaal wat wag om ontsluit en ontwikkel te word. Wat sien jy?

Gebedsfokus:

- † Vra die Here om jou te help om te glo in die potensiaal van jou personeel en jou nie blind te staar teen hulle huidige beperkinge nie.
- † Vra vir die Here om aan werkgewers die vermoë te gee om nie teenoor hulle personeel op te tree op grond van hoe hulle is nie, maar op grond van wat hulle kan word.
- † Bid dat deurlopende opleiding 'n prioriteit in elke boerdery en landboubesigheid sal word.



Dag 23

Arbeiders:

Mense met normale behoeftes

Lees: 1 Tessalonisense 5:23

Die mens is na die beeld van die Drie-enige God geskep. Die mens het nie oor tyd uit een of ander dier of lewende organisme ontwikkel nie. Die mens is gees, siel en liggaam (1 Tessalonisense 5:23).

gees = pneuma	siel = psuche	liggaam = soma
Dit is dié deel van my menswees waardeur ek met God en die geestes-wêreld verbind is.	Dit is dié deel van my menswees waar ek dink, redeneer, besluite neem, dinge aanvoel en emosies ervaar, asook verhoudinge met mense kan hê. [Wie = w = my w il = i = my i ntellek = e = my e mosies]	Dit is dié deel van my menswees waardeur ek na buite leef en uitdrukking gee aan dit wat in my gees en siel gebeur.

Die praktiese implikasie hiervan is dat arbeiders (net soos werkgewers) behoeftes het wat op die vlak van die gees, die siel en die liggaam lê. As jy regtig sinvol vir jou personeel wil bid, moet jy ook hiermee rekening hou.

Jou personeel het 'n religieuse behoefte, 'n behoefte aan God. As niemand Hom aan hulle verkondig nie, sal hulle die behoefte probeer bevredig deur stom afgode, voorvaders en demone te aanbid. As hulle God nie ken nie, sal hulle hul letterlik aan enige iets vergryp om hierdie behoefte te probeer bevredig – aan drank, óf geld, óf seks. Dit plaas arbeidsverhoudinge onder groot druk. Maar as hulle God se Vaderlike liefde deur jou as werkgewer se lewe ervaar, sal dit baie help om hulle te oortuig dat die Evangelie inderdaad 'n Goeie Boodskap is (Titus 2:10).

Jou personeel het ook emosionele behoeftes. Hulle wil gelukkig, veilig en menswaardig voel. Ek dink terug aan 'n gebeurtenis in die laaste jare van



apartheid in Suid-Afrika, ongeveer 1990. In die plattelandse dorpie waar ek toe gebly het, het die politieke emosies baie hoog geloop. Op 'n dag het 'n *politie ver regse boer* die plaaswerker van 'n *politie linkse boer* langs die pad gekry en hy wou die werker te lyf gaan. Die werker het weggekom deur die veld in te hardloop. Toe het die boer dit op die man se fiets, wat in die pad bly lê het, uitgehaal. Hy het met sy bakkie oor die fiets gery. Omdat die boer by wie die man gewerk het, nie geweet het hoe om self die probleem op te los nie, het hy sy werker na my toe gebring. Ek kan nie regtig onthou wat ek vir die werker gesê het nie, maar ek het hom gegroet, in my studeerkamer ontvang, en vir hom koffie aangebied. 'n Maand of wat later het die boer by sy werker navraag gedoen of die probleem nou opgelos is. Tot sy verbasing het die werker net geantwoord: *Auk, die Moruti, hy het my met die hand gegroet*. Dit was die handdruk wat sy menswaardigheid herstel het en nie die nuwe fiets wat sy werkgewer vir hom gegee het nie.

Arbeiders het ook intellektuele behoeftes. Hulle wil eksperimenteer, selfstandige besluite neem en opleiding hê. Arbeiders dink en redeneer ook oor sake, al verskil dié sake van dit waaroor werkgewers dink en redeneer. Hulle wil hê die werkgewer moet ook hulle raad vra. Hulle wil bemagtig word en bemagtig voel – of dit nou net is om hulle naam te kan skryf, 'n bestuurderslisensie te kry of 'n gevorderde rekenaar-kursus te doen. Net soos ander vaardighede, bou intellektuele bemagtiging ook mense se selfbeeld. Werkers met 'n positiewe selfbeeld is goud werd in enige besigheid.

As werkgewers onthou dat hulle werkers ook sosiale behoeftes het, sal dit arbeidsverhoudinge beslis positief beïnvloed. Arbeiders wil ook, buiten hulle verlov, soms 'n tyd afhê om te gaan kuier, mense te ontvang of iets by hul huis te doen. Hulle wil deel van 'n groep wees. Hulle wil “in” wees. Plaaskore of sokkerspanne kan baie help om 'n gemeenskaplike identiteit en trots te bou. Duidelike, maar eenvoudige plaasreëls gee sekerheid aan almal op die plaas.³ Dit verbeter arbeidsverhoudinge as almal weet wat van hulle verwag word en wat hulle weer van ander kan verwag. 'n Plaasbraai en lekker kuier sonder om oor werk te praat, kan wondere vir verhoudings doen.

³ Amos beskik oor 'n Invaltyd-boekie met die titel “Plaasreëls”. Dis kort en duidelik, maar tog omvattend.



Daar is ook talle fisiiese behoeftes: kos, skoene en warm klere; skoon water en toiletgeriewe; ontspanningsgeriewe, al is dit net 'n TV. Die feit dat baie plaasarbeiders nooit 'n huis besit wat hulle permanente eiendom is nie, is 'n groot probleem, veral na hul aftrede. Hulle het behoefte aan iets wat hulle eie is en nie oornag van hulle weggeneem kan word as die plaas verkoop word nie.

Wat is die slotsom? Om goeie arbeidsverhoudinge te hê, moet jy die arbeider as mens raaksien en begrip hê vir ál sy of haar normale behoeftes. 'n Arbeider is veel meer as 'n stuk gereedskap wat 'n taak verrig. Praat dus met jou personeel oor meer as net die taak wat hulle moet verrig. Vra vrae om by hulle menswees uit te kom. **Wie arbeiders se menswees ignoreer, gaan mettertyd met enorme arbeidsprobleme opgeskeep sit.**

Gebedsfokus:

- † Praat met die Here oor jou arbeiders se behoeftes. (Miskien moet jy eers by hulle uitvind wat hulle behoeftes is.)
- † Bid vir die menswaardige behandeling van arbeiders in die landelike en boerderygemeenskap.
- † Bid vir positiewe kommunikasie tussen werkgewers en werknemers. Bid dat kommunikasie nie net tot werksopdragte beperk sal bly nie.



Dag 24

Arbeiders: Mense vir wie 'n prys betaal is

Lees: Lukas 19:10

Soos alle mense word plaasarbeiders ook in sonde gebore (Psalm 51:7 en Romeine 3:23). Hulle is ook geneig om God en hulle naaste te haat (Romeine 5:10 en Titus 3:3). Ongeredde plaasarbeiders is ver van God af, sonder hoop en sonder God in hierdie wêreld (Efesiërs 2:12).

Die praktyke van die sondige natuur (van beide werknemers en werkgewers) *is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienst, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge* (Galasiërs 5:19-21a). Werkgewers moet deeglik rekening hou met dié sondes en die tragiese gevolge daarvan in werkers se lewe. Plaasarbeiders is nie engeltjies nie. Daarom is dissipline, vermaning en straf dikwels nodig. (Sien Deel 8 op bladsy 83)

Maar God het sy Seun juis vir alle sondaars gestuur. Ook plaaswerkers is die voorwerp van God se genade en liefde (Johannes 3:16; Romeine 5:8-10). Hy wil hulle ook in Christus met Homself versoen (Titus 3:4). Hy wil ook aan hulle sy Heilige Gees gee (Handeling 10:44-47). Hy wil hulle ook herskep na die Beeld van sy Seun (2 Korintiërs 3:18). Hy wil hê hulle moet Hom ook deur die Gees **ABBA VADER** noem (Romeine 8:15-16). Hy wil hê dat hulle ook in gehoorsaamheid aan Hom moet lewe (Romeine 15:18).

Die waarde van 'n mens lê nie in sy bruikbaarheid nie, maar word bepaal deur die prys wat God in sy liefde bereid was om vir dié persoon te betaal. Onthou, God het presies dieselfde prys vir elke mens betaal: **sy Seun aan die kruis** (1 Korintiërs 6:19-20 en 1 Petrus 1:18-19). Daarom het alle mense dieselfde waarde. Dink so daaraan: 'n Splinternuwe R100-noot het presies dieselfde waarde as 'n R100-noot wat vuil en verrinneweer is deur die lewe. In ruil kry jy presies dieselfde vir beide note. Ongeag hoe vuil en verflenter sonde iemand se lewe gemaak het, sy of haar waarde vir God bly presies dieselfde as jôu waarde vir God.



As jy bely dat jy 'n Christen is, moet jy beskikbaar wees om God se genade en liefde aan jou arbeiders deur te gee. Jy moet 'n medewerker van God wees. God se wil en begeerte moet j^ou wil en begeerte wees. Hy wil almal red (Matteus 18:14; 1 Timoteus 2:3-6 en 2 Petrus 3:9), en jy moet Hom help om dit te doen (Handelinge 26:16-20).

Jou arbeiders het die reg om die Goeie Nuus aangaande Jesus Christus te hoor!

Arbeiders wat gered is, is jou broers en susters in Christus (mits jy gered is). In Filemon vers 15-16 staan: *Miskien was hy 'n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry, nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer. Dit is hy besonderlik vir my; hoeveel te meer sal hy dit dan nie vir jou wees nie, as mens en as broer in die Here.* Dit beteken onder andere dat julle by geleentheid saam Nagmaal sal geniet – 'n sigbare getuienis dat julle nie net een met Christus is nie, maar ook met mekaar (1 Korintiërs 10:16-17). Maar dit het natuurlik ook radikale en verreikende implikasies vir julle werksverhouding. Dinge sal spontaan verander as jy oor jou werker dink soos oor jou broer. Die eerste verandering sal die inhoud van julle gesprekke wees. En as kommunikasie verander, verander alles!

Gebedsfokus:

- † *Here, help my om, wanneer ek na 'n arbeider kyk, heel eerste te onthou dat U bereid was om dieselfde prys vir dié werker te betaal as vir my. Help my om dit te onthou vóórdat ek hom of haar beoordeel op grond van enige sigbare ding wat aanstoot gee.*
- † Bid vir groter en sigbare eenheid tussen Christenwerkers en Christenwerkgewers.
- † Bid vir wysheid hoe om arbeidsverhoudinge te herstel en te bou, ten spyte van al die slegte en negatiewe invloede.



Dag 25

Arbeiders sal ook rekenskap gee

Lees: Romeine 14:10-12

In en deur Christus praat God met die mens (Hebreërs 1:1-2). Die mens word opgeroep om te glo en die versoening, wat God deur Christus bewerk het, te aanvaar (2 Korintiërs 5:20-21). Die mens is nie net as beeld van God geskep nie, hy het ook die opdrag om die beeld van God te wees (Efesiërs 4:23-24). Konkreet beteken dit dat die mens, werkgewers en werknemers, soos Jesus moet leef, want Hy is die ware beeld van die Vader (1 Johannes 2:6 en Hebreërs 1:3).

Dit beteken die **mens is 'n verantwoordelike wese**. Hy moet hom teenoor God verantwoord. Hy móét eendag rekenskap van sy doen en late gee (Hebreërs 2:2-3; Romeine 14:10-12 en Matteus 12:36 en 25:31-46). Daarom moet elke Christen, werkgewer en werknemer, die werksverhouding waarin hulle staan, sien as 'n geleentheid om die Goeie Nuus met ander te deel *"sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sonde vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God"* (Handelinge 26:18). Jy mag jou medemens met sy sonde-nood, nie aan sy lot oorlaat nie.

Een keer, kort na Kersfees, kom ek by 'n boer in KwaZulu-Natal. Hy was baie negatief oor sy arbeiders. *"Hulle was Kersfees weer almal dronk – soos die afgelope 25 jaar"*, het hy gesê. Toe ek vra watter pogings hy al in dié tyd aangewend het om die probleem op te los, was sy antwoord kort en kragtig: *"Dis hulle saak! Hulle moet net Kersfees van my plaas af padgee!"* As Christen mag jy nie jou oë sluit vir die sonde van jou werkers nie. In liefde moet jy iets meer doen as om net te veroordeel en te kla.

Produktiwiteit in die landbou is uiters noodsaaklik. Maar die Christenboer mag nooit so behep met werk en wins word, dat hy die arbeider nie meer as mens raaksien nie.



Gebedsfokus:

- † Bid dat werkers altyd as mense gesien en hanteer sal word, en nie bloot as masjiene, toerusting of produksiemiddele nie.
- † Bid dat alle landbouers sal onthou dat hulle eendag voor God 'n antwoord moet gee oor wat hulle met Christus gemaak het (Johannes 3:16-18 en Hebreërs 10:28-29), maar ook oor hulle verhouding met mekaar en ander mense (1 Johannes 3:23).
- † Lees Esegieël 3:18-19 en bid daaroor.



DEEL 6

BEMAGTIGING

Bemagtiging! Dis deesdae een van die modewoorde. Dis meestal polities gelaai en word deur baie in 'n negatiewe lig gesien - die wat "gedwing" word om ander te bemagtig, sowel as die wat bemagtig moet word. Bemagtiging word meestal ook verskraal en net as ekonomiese bemagtiging gesien. Ek pleit dat ons op 'n ander manier na bemagtiging kyk.

Die proses van bemagtiging (*toerusting, in staat stelling*) begin by God. **Omdat God my bemagtig het en steeds elke dag bemagtig, moet en kan ek ander bemagtig.** Ek en jy word bemagtig om ander te bemagtig. Hoe bemagtig God ons? **God's Way!** Kom ons bemagtig dan ander **God's Way!**

Dis 'n nagmerrie om met mense te werk wat vanweë baie redes **ont**magtig is! Bemagtiging is dus nie 'n luuksheid nie. Dis noodsaaklik!

Dag 26

Bemagtiging begin by God

Lees: 2 Petrus 1:2-4

Nog 'n *God's Way*-beginsel wat ons duidelik in die Woord vind, is "**oop hande**"! Alles wat God is en het, deel Hy met ons. In Genesis 1 lees ons dat Hy sy Beeld, sy asem, sy skeppende vermoë en sy heerskappy oor die aarde met die mens deel. In die Nuwe Testament lees ons hoe Christus Homself aan ons gegee het toe Hy met oop hande aan die kruis gehang het. Uit daardie oop hande vloei 'n stroom gawes en seëninge na ons toe. Dis te veel om op te noem.⁴ Deur alles wat Hy is en het met ons te deel, het God ons bemagtig vir ons roeping en taak.

⁴ Jy kry 'n volledige bespreking van die **oop hande**-beginsel in die boekie *Living and Farming God's Way* – it's not a slogan, it's a lifestyle. *BASICS*. Jy kan 'n Engelse of Afrikaanse kopie bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net of dit gratis aflaai by www.amosafrica.net



Petrus skryf: *Sy goddelike krag het ons immers reeds alles gegee wat ons nodig het vir 'n toegewyde lewe...* (2 Petrus 1:3a Nuwe Testament en Psalms – 'n direkte vertaling). God het ons toegerus en bemagtig vir dié soort lewe wat Hy wil hê ons moet lewe. Hy het dit op verskillende maniere gedoen. Hy hou steeds aan daarmee.

Bemagtiging is dus 'n **proses** waardeur 'n mens toegerus en in staat gestel word om 'n taak suksesvol te verrig, of 'n spesifieke doelwit te bereik. Elke nuwe geslag moet opnuut bemagtig word vir hulle taak en roeping in hierdie wêreld.

Omdat bemagtiging net soos kinderopvoeding 'n **proses** is, gebeur dit nie oornag nie. Die **proses** behels *verskeie dinge* wat jy *deurlopend* moet doen as jy jou kinders of jou werkers suksesvol wil bemagtig.

Oor die volgende paar dae gaan ons kyk hoe God ons bemagtig, sodat ons ander op dieselfde manier kan bemagtig.

Gebedsfokus:

- † Loof en prys die Here omdat Hy 'n God met oop hande is. Dank Hom vir die manier waarop Hy jou bemagtig om jou roeping te vervul.
- † Bid dat elke Christenouer en elke Christenwerkgewer 'n groeiende begeerte sal hê om hulle kinders en personeel op dieselfde manier te bemagtig as wat God hulle bemagtig.
- † Bid vir 'n positiewe houding en ingesteldheid ten opsigte van bemagtiging. Bid vir geduld en volharding, aangesien die proses lank en soms moeilik kan wees.



Dag 27

Bemagtig deur te seën

Lees: Genesis 1:27-28, Lukas 24:50-51 en 1 Petrus 3:9

God het Adam en Eva bemagtig deur hulle te seën. Dit is die **heel eerste** ding wat Hy gedoen het. Só het hy hulle in staat gestel om sy verteenwoordigers te wees én om sy opdrag uit te voer (Genesis 1:27-28). Die **heel laaste** ding wat Jesus gedoen het terwyl Hy opgevaar het na die hemel, was om sy dissipels te seën sodat hulle ook sý opdrag kon gaan uitvoer (Lukas 24:50-51).

Bemagtiging het alles te doen met die uitspreek van seën. Om alle mense (nie net die goeies nie) te seën is 'n opdrag van die Here (Lukas 6:27-28 en 1 Petrus 3:9). Jy moet kies om gehoorsaam te wees. Jy moet kies om te seën. Besluit vandag om dit te doen.

Terwyl jy van die plaas af wegy, kan een van die volgende twee gesprekke in jou bakkie gevoer word. Dis jou keuse watter een jý gaan voer.

“Dis maar ’n waagstuk om weg te wees van die plaas af. Ek kan nie die plaas alleen los nie. Die mense is só lui en onbetroubaar. Ek weet nie wat die spul aanvang as hulle gedrink is nie. Hulle het my al verskriklike skade aangedoen. Ek beleef meer spanning as ek weg is, as wanneer ek dáár is.”

ÓF

“Here, dankie vir die voorreg om net ’n tydjie te kan weggaan en ’n bietjie te rus. In u Naam seën ek my mense met betroubaarheid en verantwoordelikheid. Ek seën hulle met wysheid om die regte besluite te neem terwyl ek weg is. Ek seën hulle huise en hulle huwelike sodat daar nie dinge gebeur wat maak dat hulle stukkend, seer en negatief by die werk opdaag nie. Ek roep u Naam oor hulle uit, sal U hulle asseblief seën?”

Dis jou keuse. Besluit self wat elkeen van dié gesprekke tot gevolg gaan hê. Ek het my keuse gemaak. Hoekom sal ek my werkers al slegter maak



deur gedurig slegte dinge van hulle te sê? Lewe en dood is in die mag van die tong (Spreuke 18:21). Met my tong plant ek die saad van dit wat ek graag wil oes, nie dit wat ek vrees nie. Ek is 'n geseënde van die Vader. Daarom kies ek om my personeel te seën met die mooi en goeie eienskappe wat ek graag in hulle lewe wil sien. Die laaste ding wat meestal op ons plaas gedoen word voor ons of van ons personeel vir 'n tyd weggaan, is om hande te vat, saam te bid en seën oor mekaar uit te spreek. Dit is die laaste ding wat Jesus voor sy hemelvaart gedoen het (Lukas 24:50-51). Jy hoef egter nie te wag totdat iemand weggaan voor jy hom/haar seën nie. Bemagtig jou personeel daagliks vir hulle dagtaak deur hulle in die Naam van die Here te seën. Lees in Rut 2:4 hoe Boas en sy werkers mekaar in die oggend gegroet het.

Deur die hele Bybel speel seën 'n baie belangrike rol in die toerusting van mense (ook kinders) om te wees wat hulle moet wees, en om te doen wat hulle moet doen.

Dis 'n voorreg om 'n werker te bemagtig deur hom/haar in die Naam van die Here te seën! Ek en jy het 'n "onregverdige" voorsprong bo ongelowige werkgewers. Ons kan óns personeel bemagtig deur die seën van ons Here oor hulle uit te roep, en dan weet ons Hy sál hulle seën (Numeri 6:27). Ongelowiges het nie hierdie voorreg nie. Hulle sal maar alles self moet probeer doen. (Ek kry hulle regtig jammer!)

Gebedsfokus:

- † Jy moet geseënd wees om ander te kan seën. Vra dat die Here jou oë sal open om te sien hoe geseënd jy in Christus Jesus is en hoe geseënd jy binne jou omstandighede is.
- † Bid dat elke Christen-landbouer sy kinders en sy personeel sal bemagtig deur gedurig die Here se seën oor hulle uit te spreek.
- † Bid **Efesiërs 4:27** *"Nie 'n enkele vuil woord moet uit julle mond kom nie, maar eerder 'n woord wat goed is vir die noodsaaklike opbou sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor."*
- † ***Seën jou arbeiders!***



Dag 28

Bemagtig met verantwoordelikheid

Lees: Genesis 1:27-28 en 2:15

Een van ons studente het vier jaar nadat sy haar rybewys gekry het, nog nooit weer bestuur nie. Haar ouers was bang dat sy die motor sou stamp. Sy het dié vaardigheid tevergeefs aangeleer want sy het verleer om te bestuur. Daar is baie soortgelyke stories. Mense word opgelei, toegerus en bemagtig, maar hulle kry dikwels nooit die geleentheid of verantwoordelikheid om hulle vaardighede te gebruik nie.

God het Adam en Eva geseën om hulle in staat te stel om sy opdrag uit te voer. Hy het nog meer gedoen. Hy het hulle *aangestel* om die aarde te bewoon, te bewerk en te bewaak. Dit beteken Hy het hulle in 'n bepaalde posisie geplaas. Die mens moes heers oor God se handewerk (Psalm 8:7-9). Die mens moes self sekere besluite neem.

God het die aarde só volledig aan Adam toevertrou, dat hy daarmee kon doen wat hý wou. Wat van die aarde en al sy inwoners sou word, goed of sleg, het God in Adam en sy nageslag se hande geplaas. **God het finaal besluit** om nie weer die verantwoordelikheid vir die aarde uit die mens se hande te neem nie. **Daarom moes Hy Sêlf mens word om dit wat Adam verbrou het, reg te maak.** In Christus het God mens geword. Christus het die laaste Adam geword (1 Korintiërs 15:45). Slegs as **Mens** kon God die lot en bestemming van dit wat Hy aan die mense toevertrou het, verander.

Wanneer jy jou personeel wil bemagtig, moet jy hulle 'n spesifieke taak en verantwoordelikheid gee. Jy moet hulle in 'n posisie plaas om die werk te doen. Jy moet hulle die reg gee om self sekere besluite te neem; veral besluite wat hulle werk direk raak.

Jy bemagtig nie iemand om 'n spanleier te word bloot deur hom 'n kursus te laat doen nie. Jy bemagtig hom as jy hom na die kursus as spanleier aanstel en die verantwoordelikheid daarvoor gee. Ek het gesien hoe 'n gewone, ongeletterde plaaswerker oor 'n periode van 10 jaar só groei en ontwikkel dat hy bo die res uitstyg. Dit het slegs gebeur omdat hy in die



posisie geplaas is en die verantwoordelikheid daarvoor gegee is. **Hy is deurlopend bemagtig vir die pos waarin hy aangestel is. Maar dié pos het hom ook deurlopend bemagtig.**

Soos met Adam, is daar altyd 'n risiko wanneer jy iemand verantwoordelikheid gee, asook die reg om self sekere besluite te neem. Soms kom dit jou duur te staan. Daar is egter geen ander manier om mense te bemagtig nie. Jy moet hulle in die posisie plaas om hulle kennis en vaardighede te gebruik. As daar foute kom, moet jy bereid wees om mede-verantwoordelikheid te aanvaar om die probleem op te los.

Gebedsfokus:

- † Bid vir die bemagtiging van die landelike en boerderygemeenskap.
- † Bid vir die indiensneming van jongmense wat reeds landbou studeer het. Bid dat hulle die geleentheid sal kry om hulle teoretiese kennis aan te vul met praktiese vaardighede.

Dag 29

Bemagtig met jou teenwoordigheid

Lees: Eksodus 3:12 en 4:12-15, asook Josua 1:5 en 9

Wil jy graag jou werkers verander sonder om hulle naby genoeg aan jou te laat kom om hulle te beïnvloed? Jammer, dit werk nie só nie. Bemagtiging het alles te doen met jou persoonlike en deurlopende betrokkenheid in mense se lewe. Dis hoe jy jou kinders bemagtig. Dis ook hoe jy ander mense bemagtig.

Elke keer wanneer God aan mense 'n opdrag gegee het, het Hy hulle verseker dat Hy altyd persoonlik by hulle sal wees. Hy was by Adam en Eva (Genesis 3:8). Hy het vir Moses, Josua, Gideon, Jeremia en die dissipels gesê: *Ek is by jou/julle* (Eksodus 3:12 en 4:12-15; Josua 1:5 en 9; Rigters 6:16; Jeremia 1:8 en 19; Matteus 28:20). Sy teenwoordigheid moes hulle bevry van vrese wat hulle wou lamlê. Sy teenwoordigheid het hulle



die vrymoedigheid gegee om te waag. Hulle het geweet dat Hy altyd daar is om te help wanneer hulle swak is, foute maak en raad nodig het. Sy teenwoordigheid het hulle 'n veilige ruimte gegee waarbinne hulle kon leer, werk, ontwikkel en groei.

Bemagtiging vra mentorskap. Mentorskap vra dat jy die hele pad saam met die mense wat jy bemagtig, sal stap. Jy moet toeganklik wees. Bemagtiging is *persoonlik*. Dit vind plaas binne 'n naby-verhouding. Dit gebeur een-tot-een, byvoorbeeld wanneer julle saam ry en gesels. Dit gebeur ook in klein groepies wanneer julle saam die Woord lees of om die braaivleisvuur staan. Dis 'n lang proses. Jy moet genoeg tyd, geld en energie in iemand belê om werklik 'n verskil te maak.

Wat bemagtiging betref, moet jy onthou: *Less is more and slow is fast!* (*Minder is meer en stadig is vinnig.*) Jy kan nie baie mense op 'n slag bemagtig nie. Jy sal ook meer sukses hê as jy stadig, maar doelgerig aanhou om mense te bemagtig, as wanneer jy af en toe vinnig iets gróót probeer doen.

Ek hoor dikwels dat werkgewers sê: Hou die werkers op hulle plek – op 'n afstand. Moenie te vriendelik wees nie – hulle gaan familiêr raak. Maar, as hulle gelowig is, ís hulle jou familie (Efesiërs 2:19). Geestelike familiebande ondermyn nie gesag nie. Naby-verhoudings sal nie jou gesag, of die van enige ander persoon wat jy aanstel, ondermyn nie. Jy sal **nie** méér gesag hê as jy mense op 'n afstand hou nie.

Gebedsfokus:

- † Dank die Here vir sy deurlopende betrokkenheid in jou lewe.
- † Praat met die Here oor jou persoonlike betrokkenheid in die lewe van jou personeel. Vra Hom om vir jou te sê wat jy moet doen.



Dag 30

Bemagtig met vaardighede

Lees: Eksodus 31:1-6 en 35:30 tot 36:1

God het nog altyd sy kinders deur sy Gees met bepaalde vaardighede toegerus om hulle werk te kan doen. Lees hoe die Gees aan Dawid (1 Samuel 16:13 en Psalm 78:72) en die vakmanne wat die tempel-gereedskap moes maak, vaardighede gegee het (Eksodus 35:30 tot 36:1). Dink aan die gawes van die Gees wat God se kinders in staat stel om dissipels te maak en mekaar te dien (1 Korintiërs 12 en 14).

Ek onthou hoe ek as kind saam met my oupa Jan smiddae in die werkskamer op die plaas doenig was. Ek het gesien wat hy doen, en met klein onbeholpe handjies het ek ook begin om stukkies hout aan mekaar te timmer. Ek het die mooi skinkborde gesien wat hy uit afvalhout gemaak het. Mettertyd het ek dieselfde begin doen. Ons gebruik nog steeds my eerste skinkbord. By my pa het ek kleintyd geleer om draad te span, bouwerk te doen en te sweis. Wat 'n voorreg! Handvaardigheid is iets wat 'n mens oor 'n lang tyd aanleer. Maar jy het liefdevolle en geduldige leermeesters nodig wat jou wys, help en aanmoedig om uit jou foute te leer.

My ouers en grootouers het nie net fisiese handvaardighede aan my oorgedra nie. Hulle het my geleer om oor die toekoms te droom; om ideale te hê; probleme op te los; konflik te hanteer; deursettingsvermoë aan die dag te lê; my tyd sinvol te gebruik en selfgemotiveerd te wees. Hulle het my die beginsels van besigheid geleer en om met geld te werk. Hulle het my geleer om hard te werk en trots te wees op dit wat ek doen. My skoonpa het altyd gesê: *My kind, niemand vra agterna hoe lank het jy gevat om die werk te doen nie, hulle vra net: Wie het hier gewerk?*

Ek het op 'n keer met 'n groep boere oor die bemagtiging van hulle werkers gepraat. Ons het spesifiek gepraat oor die sake wat ek in die vorige paragraaf genoem het (ek noem dit "*root skills*"). Een van die groot stoet-boere het na die tyd na my toe gekom en gesê: *Ek het vandag met*



'n skok beseft dat ek nie eers moeite doen om dié vaardighede aan my kinders oor te dra nie, wat nog te sê aan my werkers.

Word wakker! Afwesige pa's is 'n groot hindernis in die effektiewe oordra van vaardighede. Vaardighede, veral "root skills", kan in een geslag verlore gaan, net soos die kennis van God in een geslag verlore kan gaan (Rigters 2:7-10). Die oordra van vaardighede van een geslag of groep na 'n volgende, is uiters belangrik vir vooruitgang. Die volgende geslag moet vâárdiger wees as die huidige geslag. Maar dit sal nie vanself gebeur nie. Vaardighede moet doelbewus oorgedra en ontwikkel word!

Boet Pretorius, 'n boer van Zimbabwe wat in 2001 al drie sy plase verloor het, het aan 'n bestaansboer in Zambië gevra wat sy droom is. Die ambisieuse jongman het geantwoord: *Ek wil die beste boer in Zambië word.* Later het die Zambiër vir Boet gevra: *Meneer, het jý nog enige drome oor na dít wat met jou gebeur het?* Toe het Boet geantwoord: *Ja, my droom is om jou die beste boer in Zambië te maak.*

Hoe suksesvol is jy regtig as jy 'n goeie boer is, maar nie daarin slaag om ander so te bemagtig dat hulle goeie, of selfs beter boere as jy word nie?

Gebedsfokus:

- † Dank die Here vir die vaardighede wat Hy aan jou gegee het.
- † Bid vir die effektiewe oordra van handvaardigheid. Bid veral vir die oordra van "root skills" na kinders, werkers en die volgende geslag landbouers.
- † Praat met die Here oor die probleem van afwesige pa's in die landbougemeenskap. Hulle belemmer die oordra van vaardighede. (Trekarbeid en seisoenarbeid neem dikwels pa's vir baie lang tye uit die gesin weg. Egskeiding en kinders wat buite die huwelik gebore word lei ook tot afwesige pa's. Pa's kan by die huis woon, maar kan steeds afwesig wees in die lewe van hulle kinders en/of werkers. Om te hard te werk; te veel TV te kyk; 'n te bedrywige sosiale lewe; 'n gejaag na geld; selfsug en eiebelang - dít alles kan lei tot afwesige pa's.)



Dag 31

Bemagtig met kennis

Lees: Jesaja 28:23-29

Daar is 'n baie waar uitdrukking: **Kennis is mag**. Kennis help jou om te weet hoe dinge werk. Dit help jou om die lewe te verstaan. Dit stel jou in staat om goeie (ingeligte) besluite te neem. Kennis van 'n saak gee jou die vrymoedigheid om saam te praat. Dit bou jou selfbeeld en selfwaarde. Kennis gaan welvaart vooraf (Spreuke 3:13-18 en 24:3-4).

God bemagtig sy kinders met **kennis** van Homself en van sy Woord. Dit rus hulle toe om te lewe (en te boer) soos Hy wil (2 Timoteus 3:15-17 en 2 Petrus 1:3). Dawid bely in Psalm 119:98-100 dat kennis van God se Woord en wil aan hom meer insig gee as sy vyande, ja selfs as ou mense. Die wysheid en kennis wat van God kom, stel jou as boer in staat om die regte ding, op die regte manier, op die regte tyd te doen (Jesaja 28:26 en 29). Hosea sê dat die volk ten gronde gaan en vernietig word deur 'n gebrek aan kennis (Hosea 4:6). Dis ook waar van individue en boerderye. 'n Gebrek aan kennis, veral kennis van God, is vernietigend. Sonder kennis verwilder mense (Spreuke 29:18) en besighede val uitmekaar.

Wyse landbouers is self gedurig op soek na kennis. Maar hulle benut ook elke moontlike geleentheid om hulle personeel op te lei of te laat oplei. **Opleiding behoort 'n vaste item op elke boerdery se begroting te wees, net soos brandstof en lone. Jy sal nooit tyd kry vir opleiding nie. Jy moet tyd máák vir opleiding – net omdat dit vir jou belangrik is.** Jy sal waarskynlik nie die verskil agterkom na 'n enkele opleidingsgeleentheid nie. Maar as jy jou personeel gereeld kursusse laat doen en deurlopend tyd maak om hulle op te lei, sál jy na 'n paar jaar agterkom hoe ver julle voor ander boerderye is.

Bemagtig jou personeel met kennis van God en sy Woord⁵. Bemagtig hulle ook met kennis van die boerdery. Bespreek sake met jou personeel. Verduidelik waarom jy 'n besluit neem. Neem hulle saam na plekke.

⁵ Amos Agrimin het 'n goeie kursus vir die doel: **Grondwaarhede van die Woord**. Dis is in verskillende tale beskikbaar.



Stel hulle bloot aan nuwe ervarings. Verbreed hulle horisonne. Wat jy ook al doen, fokus daarop om jou personeel deurlopend met kennis te bemagtig.

Die swakste besluit wat 'n boer kan neem, is om nie sy personeel op te lei nie. Dan regverdig hy sy besluit deur te sê: *Dit help nie ek lei hulle op nie, want sodra ek dit gedoen het, gaan werk hulle op 'n ander plek vir meer geld.* Dit is jou taak en roeping om te verseker dat elke mens beter en meer toegerus van jou af weggaan, as wat hulle was toe hulle by jou gekom het.

Gebedsfokus:

- † Bid dat die landelike en boerderygemeenskap God sal leer ken. Bid dat hulle die begeerte sal hê om sy Woord te lees en te bestudeer.
- † Bid vir 'n gewilligheid by werkgewers om hulle werknemers voortdurend op te lei en te laat oplei.
- † Bid dat opleiding altyd 'n plek in elke boerdery se begroting sal kry.

Dag 32

Bemagtig mense deur vir hulle te bid

Lees: Johannes 17:20

Ek kry ongelowige mense jammer. Hulle ploeter sukkel-sukkel deur die lewe. Hulle het nie die voorreg om gedurig voor die Troon te boer nie⁶. Hulle besef nie die waarde van gebed of die rol wat dit in die bemagtiging van hulle personeel kan speel nie.

⁶ Boer voor die Troon is gratis beskikbaar by www.amosafrica.net of kan bestel word by secretary@amosafrica.net.



Jesus se lewe op aarde is gekenmerk deur gebed. Hy het *"vroegoggend, toe dit nog stikdonker was"* reeds opgestaan en gaan bid. *"Hy het Hom ... gereeld teruggetrek na afgeleë plekke om te bid."* (Markus 1:35 en Lukas 5:16 Nuwe Testament en Psalms – 'n Direkte vertaling). Jesus het nie net in die algemeen gebed nie. Hy het baie spesifiek en by die naam vir sy dissipels gebed (Lukas 22:31-32). Deur sy gebede het Hy sy dissipels bemagtig om sy opdrag uit te voer. Lees sy aangrypende gebed in Johannes 17. Hy het selfs vir ons wat deur die getuïenis van die eerste dissipels eeue later tot geloof sou kom, gebed (Johannes 17:20). Vandag is Hy steeds besig om vir ons by die Vader in te tree (Hebreërs 7:25).

Paulus het ook voortdurend vir die mense wat hy bedien het, gebed. Hy het gedurig gebed vir hulle geestelike groei en volwassenheid (2 Korintiërs 13:9 en Kolossense 1:9-11). In Galasiërs 4:19 sê hy: *"My kinders, ek ervaar weer geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry"* (Nuwe Testament en Psalms – 'n Direkte Vertaling).

Ek wil jou aanmoedig: Bid vir jou personeel. Noem die name van jou werkers voor die Troon van God. Bid vir elkeen. Wees spesifiek in die dinge wat jy vra. Vra ook dat die Here hulle deur sy Gees en Woord sal bemagtig en in staat stel om te wees en te word wat Hý wil hê.

Jy hoef nie alles self te doen nie. Jy het die voorreg om die Gees te vra om jou te help. Jy kan gedurig met die name van jou werkers op jou lippe voor die Troon boer. Jesus is ook besig om dit te doen (Hebreërs 7:25).

Gebedsfokus:

- † Vra dat die Vader die landelike en boerderygemeenskap 'n biddende gemeenskap sal maak.
- † Bid vir jou personeel - noem hulle name voor die Troon van God.



DEEL 7

GEMOTIVEERD OM PRODUKTIEF TE WEES

Jy moet jou personeel goed, regverdig en met respek behandel. Dit is die Here se opdrag. Dit is deel van *Living and Farming God's Way*. **Maar om jou personeel goed te behandel en mooi teenoor hulle op te tree, maak hulle nie noodwendig meer produktief nie.** Dit voorkom net dat hulle kla en so min as moontlik doen.

Om jou personeel te motiveer en hulle produktief te maak, vra méér as net goeie behandeling. *Met goeie behandeling maak jy die handrem los, maar jy beweeg nog nie die motor nie.*

Lees asseblief die boek van **Dr. Arnold Mol**, *Maak Wenners van jou Mense (Die sleutel tot motivering in die werkplek)*. Jy kan ook 'n reeks DVD's van Dr. Mol oor hierdie onderwerp by Amos Agrimin Noord-Kaap bestel deur 'n e-pos te stuur aan secretary@amosafrica.net.

Die inhoud van DEEL 7 en 8 sluit gedeeltelik aan by bogenoemde boek.

Dag 33

Produktiwiteit

Lees: Spreuke 6:6-11

Produktiwiteit is baie belangrik. Drie dinge het 'n direkte invloed op produktiwiteit: Die **hoeveelheid** werk wat gedoen word;
Die **gehalte** van die werk wat gedoen word;
Die **tyd** wat gebruik word om die werk te doen.

Dit is algemeen bekend dat jy kry wat jy meet. As jy nêet meet hoeveel bome elke werker snoei, gaan hulle getalle jaag ten koste van goeie werk. Dis teenproduktief. As jy nêet meet hoe goed hulle werk, gaan hulle baie stadig, maar baie goed snoei. Dis ook teenproduktief. As jy nêet ure gewerk meet, gaan hulle so lank as moontlik werk. Dit is weereens



teenproduktief. Om produktiwiteit te meet, moet al drie bogenoemde dinge **saam gemeet** word. Die werker wat binne 'n **gegewe tyd** dus die **meeste werk** van **hoë standaard** lewer, is die produktiefste. Werkers moet, waar moontlik, in ooreenstemming met hulle produktiwiteit vergoed word, en nie net per dag of per voltooide taak nie.

Baie faktore dra by tot werkers se onproduktiwiteit:

- Algemene slap kultuur van die plaas;
- Afwesigheid van 'n Bybelse werketiek;
- Onkunde (ken en verstaan nie die werk nie);
- Gebrek aan ervaring;
- Huislike probleme en emosionele letsels;
- Swak gesondheid (wat onder andere die gevolg is van rook, drank en onsedelikheid);
- Swak verhouding tussen werkgewer en werknemer;
- Moegheid as gevolg van swak eet- en slaapgewoontes (kyk te laat TV);
- Ensovoorts.

Hierdie faktore moet sover moontlik voorkom en uitgeskakel word. Maar dit beteken nog nie dat werkers dan produktief gaan wees nie. Die "handrem" is wel losgemaak, maar dit laat nog nie die motor loop nie.

Leer by die mier oor produktiwiteit (Spreuke 6:6-11):

1. Wees selfgemotiveerd;
2. Dink vooruit;
3. Moenie uitstel nie.

Net gemotiveerde werkers is produktief. Werkgewers probeer dikwels werkers motiveer deur hulle met "straf" te dreig óf met 'n wortel voor die neus "om te koop". Dit laat werkers moontlik vinniger beweeg, maar dit motiveer hulle beslis nie. Daarom die vraag: Wat motiveer hulle? Wat maak werkers *sélf*gemotiveerd?

Gebedsfokus:

- † Bid teen alles wat produktiwiteit ondermyn.
- † Bid dat arbeiders, soos die mier, selfgemotiveerd en produktief sal wees.



Dag 34

Trots is dié sleutel tot motivering

Lees: Kolossense 3:23; Efesiërs 6:7 en Galasiërs 6:4

Die Here beveel werkers om hulle werk van harte, met lus en geesdrif te doen (dit geld natuurlik vir ons almal). Daarom moet werkgewers werk sover moontlik só ontwerp dat die werkers dit kan geniet en trots daarop kan wees.

Mol sê: Om dit prontuit te stel: *As jou ondergeskiktes nie aan die einde van die dag (week/maand) huis toe gaan met 'n gevoel van "Kyk hoe goed is ek! Kyk wat het ek bereik!" nie, het jy gefaal om hulle te motiveer* (Mol: Maak wenners van jou mense – bl.20).

Trots is dié sleutel tot motivering. Daarom die vraag: **Wat maak werkers trots?** Wat motiveer werkers?

1. 'n Ervaring van sukses

Alle mense het 'n basiese behoefte om suksesvol te wees. Daarom is dit belangrik om te fokus op wat bereik moet word, en nie nêr op wat gedoen moet word nie. Duidelike, maar haalbare doelwitte is nodig. Sê byvoorbeeld: *Piet, jy moet sorg dat daar dwarsdeur die jaar altyd ten minste vier soorte groente vir die kombuis beskikbaar is om vir 25 mense kos te gee.* Moenie net sê: *Piet, jy werk in die groentetuin. Dis jou verantwoordelikheid.* Hoe sal Piet ooit weet wanneer hy suksesvol is?

Duidelike doelwitte maak dit moontlik om prestasie te meet en telling te hou. Telling-hou kweek 'n sterk begeerte om te verbeter.

Doelwitte móét haalbaar wees. As jy doelwitte stel wat te hoog is, sal werkers dit waarskynlik nie bereik nie. Hulle sal nie sukses ervaar nie. Dit sal hulle minder gemotiveerd maak. Laer doelwitte wat wel bereik word, is meer motiverend as hoë doelwitte wat nie bereik word nie.



Betrek werkers in die stel van doelwitte. As hulle 'n doelwit stel en bereik, gee dit hulle die gevoel van “ons was reg”. As jy sonder hulle inset 'n hoër doelwit stel en hulle bereik dit, beteken dit jý was reg en hulle verkeerd. En niemand wil mos verkeerd wees nie. Daarom sal werkers nie baie gemotiveerd wees om jóú hoë doelwitte te bereik nie. Wanneer 'n werker wel 'n doelwit waarin hy 'n sê gehad het bereik, sal hy waarskynlik self die volgende keer 'n hoër mikpunt stel.

2. **Verantwoordelikheid** (wat die reg om besluite te neem, insluit)

Werkers word gemotiveer deur verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid is nie 'n kenmerk van iemand se persoonlikheid nie. Dis nie waar dat party mense dit hét en ander nie. Verantwoordelikheid gaan hand aan hand met besluitneming. Die persoon wat die seggenskap het, is die persoon wat die verantwoordelikheid dra. **Die verantwoordelikheid lê dus nie by die persoon wat die taak uitvoer nie, maar by dié een wat die besluite neem.** As jy dus van jou personeel verwag om verantwoordelik te wees, móét jy aan hulle die reg gee om self besluite te neem oor sake wat hulle werk direk raak. Twee mense kan nie vir dieselfde ding verantwoordelik wees nie.

'n Sekere boer is, vanweë sy wyer betrokkenheid in landbou, dikwels nie op die plaas nie. Wanneer hy weg is, neem sy voorman, Simon, al die dag-tot-dag-besluite. Simon neem dan volle verantwoordelikheid vir die boerdery en alles loop reg. *“Ek het nie 'n probleem met Simon wanneer ek weg is nie, maar sodra ek terug is op die plaas, hou Simon op dink. Dan doen hy skielik niks as ek nie sê hy moet dit doen nie,”* kla die boer. Die rede is duidelik: Sodra hy terug is, neem hý weer al die besluite. Hy vat dus self die verantwoordelikheid uit Simon se hande.

Waag dit om jou personeel die reg te gee om self besluite te neem wat hulle werk direk raak. Jy sal verstom wees hoe verantwoordelik hulle word.



3. Erkenning vir prestasie

Almal soek ELSA (**E**rkenning, **L**iefde, **S**ekerheid en **A**anvaarding). Die behoefte aan erkenning is een van die mees basiese behoeftes van elke mens. (Lees Spreuke 27:5.) Erkenning vir goeie werk is 'n uitstekende motiveerder, maar min werkgewers doen dit gereeld.

“Ek het ’n strokiesprent van ’n tipies Suid-Afrikaanse gesin gelees waar die huiseienaar ’n oproep kry van iemand wat vra of hy ’n tuinier nodig het. Hy antwoord toe dat hy reeds een het. Die oproeper wil toe weet of die tuinier goed is en of hy alleen gelaat kan word. Weereens verseker die huiseienaar die oproeper dat hy ’n uitstekende tuinier het en dat hy niemand anders nodig het nie. Die oproeper hou egter aan en vra of die tuinier die gesinsmotor blinkskoon hou en of hy hom as kelner kan gebruik wanneer hy gaste onthaal. Die huiseienaar sê toe ongeduldig vir die oproeper dat sy tuinier in elke opsig uitstekend is, en vra toe met wie hy praat. Dit blyk toe dat dit die tuinier self is. ‘Ek wou maar net weet of u nog tevrede is met my werk’” (Arnold Mol: Maak wenners van jou mense bl. 57).

Die meeste mense glo die leuen dat jy iemand beter kan maak deur hom/haar sleg te sê. Die waarheid is dat slegs erkenning en positiewe terugvoer mense motiveer om beter te presteer. **“Catching my people doing things right”** behoort jou ingesteldheid te wees.

As jy met ellendige werkers sit, is dit waarskynlik omdat jy hulle met al jou kritiek afgebreek het tot op die vlak van ellendigheid! Ongemotiveerde en onverantwoordelike werkers is meestal ’n bestuursprobleem. Dit is nie ’n probleem wat in die werkers self is nie.

Jy kan jou personeel motiveer en meer verantwoordelik maak deur hulle ’n gevoel van trots te gee:

1. Stel duidelike en **meetbare doelwitte** sodat werkers sukses kan ervaar.
2. Laat werkers toe om self so veel as moontlik **besluite te neem**. Die aanvaarding van verantwoordelikheid is direk gekoppel aan die reg om besluite te neem.
3. Gee deurlopend **erkenning en positiewe terugvoer** vir goeie werk.



Gebedsfokus:

- † Praat met die Here oor jou bestuurstyl. Bid dat Hy jou sal help om jou personeel so te motiveer en te bestuur dat hulle hul werk met geesdrif kan doen.
- † Bid dat die Here nie net hierdie gebedsfokus nie, maar ook die DVD's van Dr. Arnold Mol waarna verwys word, ryklik sal seën en dat dit 'n positiewe bydrae sal lewer om verhoudinge in die werkplek te verbeter.
- † Bid vir jou personeel. Noem hulle name voor die Troon.



DEEL 8

WANNEER DINGE SKEEFLOOP

Alles loop nie altyd reg in 'n onvolmaakte wêreld vol gebroke mense nie. Wat moet jy doen wanneer werkers nie hulle taak en verantwoordelikheid nakom nie? Nie hulle rolle vervul soos hulle moet nie? Nie by die plaasreëls hou nie? Jy kan dit tog nie net ignoreer nie, want verhoudinge en produktiwiteit ly daaronder.

Vloek en skel, asook die gebruik van geweld is nie vir ons Here aanvaarbaar nie. Dit bedroef sy Gees wat in ons bly (Efesiërs 4:29-32). Wat moet ons doen?

Dag 35

Dissipline

Lees: Spreuke 3:11-12 en 13:24

Mense dink dat vergewensgesindheid, geduld, liefde en verdraagsaamheid die teenoorgestelde van tug en dissipline is. Dit is nie waar nie. Net soos liefde, is tug en dissipline ook Bybelse beginsels. Die Woord leer dat liefde en tug hand aan hand gaan (Hebreeërs 12:4-8 en Openbaring 3:19).

Op die vraag hoe Christenwerkgewers tug en dissipline in die werkplek moet toepas, is die antwoord: **Soos die Here!** Die algemene riglyn vir verhoudings wat by Dag 11 bespreek is, is hier van toepassing.

Die Ou Testament wys duidelik hoe die Here sy volk gedissiplineer het. In Deuteronomium word die beeld van “vaderliefde” gebruik om God se liefde vir sy volk uit te druk. Vaderliefde het twee duidelike kenmerke:

- Versorging – Deuteronomium 1:31
- Dissipline – Deuteronomium 8:5



Die volk het **presies geweet** wat die Here van hulle verwag. Breë beginsels soos liefde en gehoorsaamheid is duidelik uitgespel. Maar só ook spesifieke wette/reëls wat elke lewensterrein raak. (Lees gerus 'n slag deur die eerste vyf boeke van die Bybel, en jy sal sien.)

Dis nie net die reëls wat duidelik uitgespel was nie. Die **seën op gehoorsaamheid én die gevolge van ongehoorsaamheid** is ook aan die volk bekend gemaak (Deuteronomium 28).

Deuteronomium 27:9-26 sê daar rus 'n vloek op diegene wat sekere dinge doen. Die volk moes telkens "Amen" daarop sê. Daardeur het hulle te kenne gegee dat hulle presies **verstaan** het waaroor dit gaan. Hulle het ook bevestig dat hulle **instem** met die straf wat sou volg as hulle oortree het. Hulle kon nie later sê dat hulle nie geweet of verstaan het nie.

Elke keer as die volk ongehoorsaam was en oortree het, het die Here hulle eers deur sy profete **gewaarsku** (Nehemia 9:26-31; Jeremia 11:7-8 en Openbaring 2:4-5). Hy het rekenskap geëis en by hulle gepleit om ag te slaan op sy waarskuwings. Hy het aan hulle ruim geleentheid gegee vir berou en bekering. Sy geduld met sy volk is eintlik verstommend!

Die Here het nooit sy volk in die duister gelaat oor die **aard en omvang van hulle oortreding** nie (Psalm 50:16-22 en Jesaja 59:3 en verder). Dit is in besonderhede aan hulle uitgespel. Net so moet 'n arbeider presies weet wat die aard en gevolge van sy oortreding is, so nie leer hy nie uit sy foute nie. As hy nie verstaan waarom hy gestraf word nie, lei dit ook tot opstand en bitterheid. Alle mense is geneig om blind te wees vir hulle eie sonde en foute (Spreuke 16:2 en 21:2; Psalm 19:13a, asook Maleagi 1:6-7 en 3:7-8). Daarom moet jy as werkgewer nie sommer aanneem dat 'n arbeider weet en verstaan wat hy verkeerd gedoen het nie.

Die Here het sy volk **gestraf** as hulle ongehoorsaam was. Hy het dit gedoen deur byvoorbeeld die vervulling van sy belofte tydelik uit te stel. Israel kon nie die beloofde land dadelik in besit neem nie. Hulle moes veertig jaar in die woestyn rondswerf (Numeri 14:26-35). Hy het die volk ook geïgnoreer toe hulle om hulp geroep het (Jesaja 59:1-2 en Hosea 5:15). Na volgehoue ongehoorsaamheid en verset, is hulle uiteindelik in ballingskap weggevoer (Jeremia 52).




Dit was vir die Here swaar om sy volk te straf. Dit het **werklik sy hart geraak!** Jeremia 13:17 is aangrypend: *Maar as julle nie luister nie, sal Ek in stilte huil oor julle hoogmoed, Ek sal huil en huil, trane stort omdat my kudde as ballinge weggevoer word* (1983-Vertaling).

Telkens wanneer die volk met berou na die Here teruggekeer het, het Hy hulle **volkome vergewe**. Hy het nie heeltyd *ou koeie uit die sloot gegrawe* nie (Jeremia 50:20). Vergifnis is ook altyd weer **opgevolg met nuwe seën** (Jeremia 32:37-41 en 33:7-9). Net so verwag die Here van sy kinders om vergifnis met liefde op te volg (Efesiërs 4:32 – 5:2 en Kolossense 3:13-14). Nadat dissiplinêre stappe afgehandel is, moet jy weer goeddoen aan jou werker. Só bevestig jy dat jy hom/haar liefhet en volkome vergewe het – net soos God jou vergewe het!

In die Nuwe Testament is nie net liefde en vergifnis 'n opdrag nie. In gevalle waar gelowiges weier om te leef in ooreenstemming met die geloof wat hulle bely, is die toepassing van tug en dissipline óók 'n opdrag (Matteus 18:15-20; 1 Korintiërs 5:1-13, asook 2 Tessalonisense 3:6 en 3:13-15).

Samevattend:



Jy moet jou werkers tug en dissiplineer met dieselfde gesindheid waarmee die Here jou tug en dissiplineer.



Gebedsfokus:

- † Bid dat die Here jou sý hart en gesindheid sal gee wanneer tug en dissipline noodsaaklik raak.
- † Bid dat landbouers nie liefde en dissipline as teenoorgesteldes sal sien nie. Dit is twee kante van dieselfde muntstuk. Bid vir die vermoë om terselfdertyd baie liefde te bewys én streng dissipline te handhaaf. Dit laat mense veilig en geborge voel.
- † Vra vir die Here die vermoë om jou personeel (en jou kinders) te dissiplineer soos Hy jou as sy kind tug en dissiplineer.

Dag 36

Skrifbeginsels en praktiese toepassings (1)

Lees: Jakobus 3:13-18

As jy dié Skrifbeginsels prakties toepas, behoort jy nie met 'n arbeidsgeskil in die hof te beland nie. Tog is dit belangrik om te weet wat die wet sê. Dit is altyd beter om probleme te voorkom as om na die tyd konflik te hanteer. Dit spaar jou baie onnodige spanning, asook tyd en geld.

1. **Handel sake een vir een af.** Moenie 'n klomp oortredings oor die hoof sien terwyl jy jouself opwerk tot jy breekpunt bereik nie. Die gevaar bestaan dat jy dan eendag skielik kan ontplof oor 'n nietigheid en weer al die ou koeie uit die sloot opgegrawe. (Lees Efesiërs 4:26.)
2. **Moenie jou selfbeheersing verloor nie.** Dan maak jy foute wat jou later duur te staan kan kom. Selfs as jy kwaad word, moet jy nie sondig nie. Dit kan gebeur dat 'n werker jou oor 'n tydperk so kan irriteer dat jy op 'n dag jou selfbeheersing verloor. [*Jy soek my al lankal!*] Dan pas jy dissiplinêre stappe toe wat heeltemal uit verhouding is met die aard en grootte van die spesifieke oortreding. As Christen moet jy altyd met selfbeheersing optree. (Lees Spreuke 25:28, asook 29:20 en 22; Efesiërs 4:26 en Jakobus 1:19-20.)



3. Versigtig – jy kan nie gelyktydig aanklaer en regter wees nie. In baie gevalle is die “oortreding” teen jou as werkgewer gepleeg. Dan is jy die klaer, maar ook die regter wat die saak verhoor. Dit kan wees dat jy dan nie objektief genoeg is om ’n regverdige uitspraak te gee nie. Die instelling van ’n dissiplinêre komitee op die plaas is dus noodsaaklik. Indien nodig, kan die hulp van ’n ander boer of iemand van buite ingeroep word.

In Eksodus 18 lees ons dat Jetro, Moses se skoonpa, vir hom die raad gee om *onpartydige* manne aan te stel om sittings oor geskille tussen mense te hou. Hulle moes manne wees wat die *waarheid liefhet* en *nie hulle eie voordeel soek nie*. As hierdie manne hulle laat omkoop het of partydig geraak het, het die vloek en oordeel van God hulle getref. (Lees Eksodus 18:21-22 en 23:1-9; Jesaja 1:23 en 5:22-23; Amos 6:12.)

4. Maak baie seker dat die persoon skuldig is. Bly binne die wet en hou by tugprosedures. Kwaadwillige stories word dikwels versprei. Deeglike ondervraging is belangrik. Onthou dat ’n persoon wat onregverdig gestraf word, moontlik die saak verder gaan voer. Hy kan hom tot die hof of vakbonde wend. Hy kan persoonlik wraak neem deur jou eiendom *opsetlik* te beskadig. Hy kan ook groot skade deur *doelbewuste* nalatigheid veroorsaak. In uiterste gevalle kan hy padgee en later terugkom om ’n terreuraanval op die plaas uit te voer. ’n Skuldige persoon sal dit nie so maklik doen nie. Jy moet baie versigtig wees wanneer iemand skuld ontken en daar ook nie betroubare getuies gevind kan word nie. (Lees Deuteronomium 13:14 en 19:15, asook Spreuke 18:17-19.)

Op ’n sekere plaas was daar skielik plundery in die vrugteboord. Die arbeiders het volgehou dat dit ’n alleenloper bobbejaanmanneling was wat op die plaas aangekom het. Dit het darem te veel na ’n storie geklink. Waar sou só ’n bobbejaan nou skielik vandaan kom? Die boervrou was vas oortuig dis die arbeiders se kinders en het sommer gou die nodige straf uitgedeel. Twee dae later het sy self die bobbejaan gesien. Dit was te laat om die straf van die kinders ongedaan te maak. Die negatiewe invloed op gesindhede en arbeidsverhoudinge het nog lank voortgeduur.



5. Straf moet altyd billik en in verhouding tot die oortreding wees.

Moenie maklik iemand in diens neem nie (Spreuke 26:10), maar moet ook nie maklik iemand se diens beëindig nie. As jy iemand wat by jou op die plaas gebly en gewerk het, se diens beëindig, verloor hy nie net sy werk nie, maar ook sy huis en byvoordele. Dit dompel gewoonlik die hele gesin in 'n bestaanskrisis. Dit is 'n baie swaar straf. Jy moet sekere wetlike prosedure volg wanneer jy iemand se diens beëindig. Jy moet die persoon darem genoeg tyd gun om 'n ander heenkome te vind. Indien 'n arbeider hom tot die arbeidshof wend, sal hulle kyk of jy reg en billik opgetree het. (Lees Matteus 7:1-5).

Gebedsfokus:

- † Bid vir arbeidsverhoudinge in die landbou. Vra die Here se seën daarop.
- † Vra dat die Here landbouers help om bogenoemde vyf riglyne toe te pas.
- † Bid vir goeie kommunikasie tussen almal in die landbousektor.

Dag 37

Nog Skrifbeginsels en praktiese toepassings (2)

Lees: Efesiërs 4:29-31

Die volgende beginsels moet ook in gedagte gehou word. Dit klink vanselfsprekend, maar as dit geïgnoreer word, ontstaan groot moeilikheid.

6. Straf net die opsetlike oortreding van reëls en doelbewuste nalatigheid. Menslike foute of foute wat uit onkunde begaan word, behoort deur goeie kommunikasie reggestel te word. Moenie altyd oorhaastig gryp na die letter van die wet of reël nie. Kommunikasie is gewoonlik die beste manier om probleme blywend op te los. Indien dit nie resultate lewer nie, kan straf volg.

Onthou, 'n mens kry meer reg deur goeie verhoudinge te handhaaf.



7. Die owerheid is God se dienaar om kwaaddoeners te straf. Lees

Romeine 12:19 tot 13:7. [Onthou dat die hoofstukindings nie deel van die oorspronklike teks is nie.] Romeine 12:19 sê ons moenie self wraak neem nie. Ons moet dit aan God oorlaat. Hy sal straf. In hoofstuk 13:4 word die owerheid die dienaar van God genoem wat kwaaddoeners moet straf. Romeine 12:19 beteken dus nie dat jy kwaaddoeners moet toelaat om hulle gang te gaan nie. Die saak moet aan God oorgegee word. By implikasie beteken dit dat, indien nodig, die saak ook aan God se dienaar, die owerheid (polisie) oorgegee moet word. God straf ook deur die owerheid. Ontbied die polisie as daar 'n strafbare oortreding ter sprake is. Moenie jouself wreek of die reg in jou eie hande neem nie.

Toe daar 'n komplot teen hom gesmee was om hom dood te maak, het Paulus presies gedoen wat hy hier in Romeine geskryf het. Hy het nie self wraak geneem of die mense vervloek nie. Hy het die saak aan die owerheid oorgegee (Handelinge 23:12-22).

Wees konsekwent. Dit gebeur soms dat 'n boer se voorman of 'n ander goeie werker hom skuldig maak aan dinge soos diefstal, dagga- en dranksmokkelary. Die werkgewer moet konsekwent optree soos in ander soortgelyke gevalle. Indien nie, lei dit tot spanning en konflik. Die betrokke arbeider kan selfs 'n kansvatter word omdat hy dink die werkgewer is oor hom verleë.

8. Tug gaan méér oor opvoeding as oor vergelding. Tug en dissipline

hou altyd die opvoeding van die oortreder in die oog. Die oortreder moet gevorm word; hy moet van die dood gered word. Hy moet beter word. Gedane sake het in elk geval geen keer nie. Maar jy wil tog hê dat die oortreder in die toekoms anders moet optree. Jy vergeld hom nie in die eerste plek oor dit wat hy verkeerd gedoen het nie. Jy tug hom in die hoop dat hy dit nie weer in die toekoms doen nie. Aan gister kan jy niks doen nie, aan môre kan jy wel! (Lees Hebreërs 12:4-12.)



9. **Moenie vloek en skel en mense aanrand nie.** Dit stel net jou innerlike swakheid ten toon en bedroef die Heilige Gees. Skeltaal maak geen indruk op mense nie. As hulle eers gewoon geraak het dat jy gedurig skree, vloek en skel, steur hulle hul nie meer daaraan nie. Ek was eendag by waar iemand verskriklik teen sy werkers uitgevaar het. Toe hy omdraai en wegstap, het die werkers gesien hoe geskok ek was. Toe sê een van hulle: *Ag, moenie worrie nie, hy praat maar só!* As jy kwaad is, **sê** hoe jy voel. **Sê** dat jy baie ontsteld en kwaad is. Moenie jou woede onbeheers uitleef nie. 'n Gebrek aan selfbeheersing en 'n gevloek trek 'n dik streep deur jou getuienis. Beheer jou woede. Aanranding kan jou baie duur te staan kom. (Lees Efesiërs 4:29-31; Jakobus 1:19-20, asook Spreuke 22:24-25 en 25:28.)
10. **Dissiplineer in gebedsafhanklikheid.** Bid vir wysheid om konflik en probleme te hanteer. Vra dat die Here deur sy Gees en Woord jou arbeiders eerlik, verantwoordelik en betroubaar maak. Bid dat Hy jou die vaardigheid sal gee om billik en regverdig op te tree. Bid dat julle almal sal leer om konflik op 'n wen-wen-manier op te los. (Lees Spreuke 15:1; Jakobus 1:5 en 3:17-18, asook 1 Korintiërs 6:1-6.)

Gebedsfokus:

- † Vra dat die Here landbouers sal leer en help om bogenoemde vyf riglyne prakties toe te pas.
- † Bid dat mense in die landelike en boerderygemeenskap sal leer hoe om positief en opbouend te kommunikeer (Efesiërs 4:29).
- † Bid dat julle almal sal leer om konflik op 'n wen-wen-manier op te los.

Dag 38

Wen-wen-oplossings in tye van konflik

Lees: Filippense 2:4-5

Konflik is onvermydelik. Maar as jy geleer het om konflik reg te hanteer, sal jou verhoudinge, selfs deur konflik, sterker groei. Wanneer dit



gebeur het jy daarin geslaag om van jou verleentheid 'n groeigeleentheid te maak. As jy konflik egter verkeerd hanteer, gaan die konflik al groter word en jou probleme al meer.

'n **Wen-wen-benadering** is die beste manier om konflik te hanteer. Aanvaar daarom die volgende drie beginsels. Dit is nodig om wen-wen-oplossings te kry :

- ✓ Ons is albei reg;
- ✓ Ons teen die probleem;
- ✓ Fokus op die toekoms.

1. Ons is albei reg

In konflik is een party nie 100% reg en die ander party 100% verkeerd nie. As jy dit glo, het jy 'n wen/verloor-benadering. Om konflik suksesvol op te los, **moét jy erken dat die ander party ook reg is.** As jy net jou eie, selfsugtige belang soek, sal dit altyd tot konflik lei. Daarom sê die Woord: *Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was* (Filippense 2:4-5. Lees ook Jakobus 4:1-3).

2. Ons teen die probleem

Die tweede belangrike beginsel waarop die wen-wen-benadering berus, is om die probleem te pak en nie mekaar aan te val nie. Dit gebeur so maklik dat die probleem op die agtergrond geskuif word. Dan gebruik mense al hulle krag en energie om mekaar aan te val. Hulle beskuldig mekaar oor en weer. Dan begin hulle hulself teen mekaar se aanvalle verdedig. Dit raak 'n *ek-teen-jou*-stryd terwyl niks aan die probleem gedoen word nie.

In die *ek-teen-jou*-benadering sien die partye mekaar as opponente. Hulle baklei met mekaar. Die **ons-teen-die-probleem**-benadering beteken dat die twee partye aan dieselfde kant is en saam die probleem pak – nie mekaar nie.




3. Fokus op die toekoms

Om konflik suksesvol op te los moet julle **fokus op dit wat julle graag wil sien in die toekoms moet gebeur**. Hou op om mekaar aan die verlede te herinner. Wat gesê is, is gesê. Wat gebeur het, het gebeur. Leer eerder hoe om nie in die toekoms dieselfde foute te maak nie.

Die prent van die twee donkies som die drie beginsels mooi op:

- ✓ Ons is albei reg;
- ✓ Ons teen die probleem;
- ✓ Fokus op die toekoms.



Gebedsfokus:

- † Bid dat beide werkgewers en werknemers in tye van konflik na wen-wen-oplossings sal soek.
- † Bid dat beide werkgewers en werknemers konflik positief sal gebruik om beter verhoudinge te bou.
- † Bid teen selfsug en eiebelang wat dikwels die oorsaak van konflik is.



Dag 39

Tegniese van die wen-wen-benadering

Lees: Jakobus 1:19

Sportreëls keer dat wedstryde nie in oorloë ontaard nie. So is daar ook reëls vir konflik om te keer dat dit nie in moord eindig nie (Jakobus 4:1-2). Wanneer partye by die reëls hou, kan hulle die konflik tot beide se voordeel gebruik. As hulle egter nie by die reëls hou nie en konflik verkeerd hanteer, sal dit groter konflik en meer probleme veroorsaak. Hou by die volgende vyf reëls:

1. Maak jou verwagtinge bekend sonder om eise te stel

Konflik kan nie suksesvol hanteer word as partye oningelig is oor mekaar se verwagtinge nie. Onthou, ander kan nie jou gedagtes lees nie. As jy begin raai wat die ander een dink of verwag, loop dinge maklik skeef.

Sê hoe jy voel. Gebruik sinne wat begin met woorde soos:

- ✓ Ek sou graag wou sien dat ...
- ✓ Ek wil graag hê dat ...
- ✓ Dit sal vir my lekker wees as ...
- ✓ Ek verkies om ...

Jy moet sê hoe jy voel. Vra ook vir die ander persoon hoe hy of sy voel. Vra wat hulle graag wil sien moet gebeur.

2. Vermy aanval of verdediging

Stel die probleem sonder om die ander persoon aan te val of jouself te regverdig. Sodra jy iemand kritiseer, begin daardie persoon homself verdedig en regverdig. Daarom is dit só belangrik om **ek-boodskappe** te gee in plaas van **jy-boodskappe**. As jy sê: “**Jy verniel die bakkie met jou gejagery**”, dan is dit ’n jy-boodskap. Dis aanvallend. Die persoon gaan homself waarskynlik verdedig deur te sê: “**Ek jaag nie.**” As jy sou sê: “**Dit voel vir my jy ry te vinnig en te rof. Ek wil graag sien dat jy die bakkie beter oppas**” het jy eintlik dieselfde boodskap oorgedra. Die ek-boodskap



is net sagter en minder aanvallend. *Jy-boodskappe* plaas die ander party in die beskuldigde bank. Dit bemoelijk die oplossing van probleme. Met *ek-boodskappe* val die klem op my belewing van 'n persoon of saak. Daarmee stel ek myself oop om reggehelp te word indien ek moontlik verkeerd sou wees. Dié benadering haal die ander persoon uit die beskuldigde bank. Dit help baie om probleme tussen mense suksesvol op te los.

3. Luister na die ander party

Luister baie goed na die ander party. 'n Mens is van nature geneig om j u standpunt heel eerste te wil stel. Jy wil h e ander moet verstaan hoe j  dink en hoe j  voel. Om konflik reg te hanteer moet jy eers probeer om ander te verstaan, voordat jy verwag dat hulle jou verstaan.

Jakobus 1:19 ... elke mens moet maar te gewillig wees om te *luister*, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.

Die teks wil eintlik s e: Jy het twee ore en een mond. Daarom moet jy twee keer meer luister as wat jy praat. ***Luister met die doel om te verstaan.*** Leer om die regte vrae te vra. Dit help jou om beter te verstaan. Dit help ook die ander persoon om weer na te dink en sy/haar eie standpunt beter te formuleer. Byvoorbeeld:

- ✓ Watter voordele dink jy hou dit vir ons in om te maak soos j  s e?
- ✓ Watter ander planne het jy al oorweeg?
- ✓ Wat dink jy behoort ek onder hierdie omstandighede te doen?

4. Moenie te gou "A-HA" s e nie.

Maak eers 'n lys van al die moontlike oplossings. Wanneer jy A-HA s e, het jy klaar besluit wat om te doen. Dan is jy nie meer vatbaar vir 'n ander oortuiging nie. Jy luister nie meer nie. Jy voel verplig om vir jou standpunt te veg en dit te verdedig.

Dis baie belangrik om die voor- en nadele van elke oplossing neer te skryf, want die beste oplossing kan dalk sulke groot nadele h e, dat dit beter is om die tweede beste oplossing, wat geen nadele het nie, te kies.



5. Streef na konsensus

Konsensus beteken dat almal die oplossing aanvaar, al is dit nie presies wat hulle wou hê nie. Dis belangriker dat almal die oplossing aanvaar, as dat sommige presies kry wat hulle wou hê, terwyl die res ongelukkig is. Konsensus beteken die verhouding is belangriker as om jou sin te kry. Dit verg baie tyd en goeie kommunikasie. Beide partye moet bereid wees om iets op te offer ter wille van almal se voordeel. Om môre nog gelukkig en tevrede te wees, is belangriker as om vandag jou sin te kry.

Gebedsfokus:

- † Bid dat werkgewers en werknemers in tye van konflik na wewen-oplossings sal seek.
- † Bid dat werkgewers en werknemers konflik positief sal gebruik om beter verhoudinge te bou.
- † Bid dat strydende partye in die landbou konsensus sal kry oor die oplossing van hulle probleme.



SLOT

Om arbeidsverhoudinge te herstel en voortdurend te verbeter, vra meer as om net kennis te neem van Bybelse beginsels. Dit vereis 'n vaste verbintenis om dié beginsels in die praktyk toe te pas.

Dag 40 Vaste verbintenis

Lees: Matteus 7:12; Nehemia 9:38 en 10:28-29

Ek het êrens gelees: “***The Word of God was not given for our information, but for our transformation.***” Dit help nie jy neem net kennis van Bybelse riglyne vir verhoudinge nie. Uit dankbaarheid vir alles wat die Here vir jou doen, móét jy dié riglyne implementeer en ultiem. Dan sal die Koninkryk sigbaar word in jou boerdery.

Spandeer tyd met God en praat met Hom oor die volgende vaste verbintenis. Bespreek dit ook met jou personeel. Begin by dié wat ook in Christus Jesus glo. Is julle bereid om só 'n verbintenis in die teenwoordigheid van God met mekaar te sluit?

Verbintenis

Ons, die personeel van, verbind ons daartoe om teenoor mekaar op te tree net soos ons verwag dat ander teenoor ons moet optree. Ons sal aan ander doen wat ons wil hê hulle aan ons moet doen (Matteus 7:12).

Ek verbind my daartoe om ...

- *Dit wat God aan my gedoen het, ook aan ander te doen;*
- *Ander lief te hê op 'n wyse wat sigbaar word in my optrede;*
- *My in ander se skoene te stel om meer begrip vir hulle te hê;*



- *Eers alles in my vermoë te doen om ander te verstaan, voordat ek van hulle sal verwag om my standpunt in te sien. Ek sal na ander luister totdat hulle voel ek verstaan hulle;*
- *Altyd en eerste bereid te wees om my aandeel in 'n probleem te bely en verskoning/vergifnis te vra;*
- *Altyd te vra wat Jesus in 'n spesifieke situasie sou doen.*

Ek verbind my daartoe om ...

- *Altyd opreg, eerlik en in waarheid teenoor ander op te tree;*
- *Ander as beelddraers van God te eer en te respekteer;*
- *Ruimte te laat vir elkeen se uniekheid;*
- *Waardering te hê vir elkeen se rol en funksie en dit vir hulle te sê;*
- *Dit vir ander maklik te maak om my lief te hê;*
- *ELSA (Erkenning, Liefde, Sekerheid en Aanvaarding) aan ander te gee;*
- *Dankbaar te wees en waardering te hê vir al my voorregte.*

Wanneer ek 'n probleem wat ek met 'n mede-personeellid het, met iemand wat nie deel van die probleem of die oplossing is nie, bespreek, sal ek bereid wees om binne 48 uur die probleem ook direk met die betrokke personeellid te bespreek. Wanneer iemand anders hulle hieraan skuldig maak, sal ek ook die twee partye binne 48 uur probeer bymekaarbring en help om die probleem op te los.

Wanneer iemand nie doen waarop ons ooreengekom het nie, gaan ons die volgende stappe volg:

1. Ondersoek die situasie. Praat alleen met hom/haar. Wanneer ons na mekaar toe gaan, sal ons dit soos volg doen:
 - in liefde;
 - in nederigheid (Ek kan ook verkeerd wees);
 - in vooraf vergifnis;
 - met 100% waarheid.
2. As die situasie onbesleg bly, sal ons twee of drie roep as getuies vir die woorde wat gepraat word.
3. As die situasie steeds onbesleg bly, dan neem ons dit saam na die leiers of bestuurspan.
4. Indien geen oplossing gevind kan word nie, vind daar een of ander vorm van skeiding plaas.

Dit is ons begeerte dat alle sake binne die eerste twee stappe opgelos sal word sodat geen verdere aksie nodig sal wees nie.



Wanneer ek nie daarin slaag om by my verbintenis te bly nie, onderneem ek om aan die hand van die volgende ses stappe verskoning te vra:

1. Ek sal erken wat ek verkeerd gedoen het deur my oortreding die regte naam te gee (bv.: *Ek het vir julle gelieg.*);
2. Ek sal erken dat wát ek gedoen het, verkeerd is;
3. Ek sal sê dat ek jammer is;
4. Ek sal vergifnis vra:

Sal julle my nou, óf wanneer julle kan, vergewe?

(Wag vir 'n antwoord.)

5. Ek sal ander vra om my aanspreeklik te hou:
Sal julle asseblief dadelik met my praat as ek my weer hieraan skuldig maak? Ek gee julle toestemming om dit te doen.
6. Ek sal seker maak dat alles hanteer word deur te vra:
Is daar enige iets anders wat julle met my wil deel of vir my wil sê oor iets wat ek moontlik gedoen het?

Ek is bereid om aanspreeklik gehou te word vir my gedrag en optrede teenoor ander. Ek wil saamwerk om 'n kultuur en atmosfeer in ons besigheid te kweek wat goeie verhoudinge bevorder; 'n veilige ruimte vir persoonlike groei en ontwikkeling bied; tot professionele gedrag lei; produktiwiteit in die organisasie tot gevolg het; en die Evangelie van Christus Jesus aantreklik maak.

.....
Handtekening

.....
Datum

Gebedsfokus:

- † Vra die Here om jou bereid te maak om aanspreeklik gehou te word vir jou gedrag en optrede teenoor ander.
- † Bid dat mense nie net kennis neem van God se Woord nie, maar dat die Woord hulle lewens en verhoudinge positief sal verander.
- † Bid dat die Koninkryk van God sigbaar sal word in die herstel en bou van verhoudinge in die landelike en boerderygemeenskap.
- † Vra die Here se seën op huweliksverhoudinge, ouer-en-kind-verhoudinge, arbeidsverhoudinge en rasseverhoudinge.



Ander AMOS publikasies om van kennis te neem

Die volgende AMOS publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by www.amosafrica.net, of teen koste bestel deur 'n epos te stuur aan secretary@amosafrica.net



Living and Farming God's Way – BASICS

It's not a slogan, it's a lifestyle

(Gebedsfokus 2008)

Doel:

- ✓ Om jou te help om te verstaan wat *Living and Farming God's Way* beteken;
- ✓ Om jou uit te daag om jou lewe en boerdery aan die hand daarvan te evalueer en waar nodig, aanpassings te maak;
- ✓ Om jou toe te rus om *Living and Farming God's Way* aan ander boere te verduidelik en hulle uit te daag om hulle daartoe te verbind;
- ✓ Om doelgerig en spesifiek vir jouself en ander landbouers te bid.



Grondhervorming (Gebedsfokus 2010)

In 40 kort oordenkings word stilgestaan by landboutransformasie en grondhervorming. Die inhoud word op verskillende maniere aangebied: lering, stories, getuïenisse, voorbeelde, praktiese wenke en geloofsverklarings. Die bied aan die leser duidelike Bybelse riglyne. Naas doelgerigte gebed vir hierdie belangrike saak, is die doel van die gebedsfokus om die grondhervormingsgesprek positief te beïnvloed en gelowiges te help om met wen-wen-oplossings vorendag te kom.



Boer voor die Troon (Gebedsfokus 2011)

Die doel van hierdie gebedsfokus is nie om vir gelowiges meer kennis oor gebed te gee nie, maar eerder om hulle te motiveer om die voorreg van gebed ten volle te benut. Gebed in die Naam van Jesus is wesenlik belangrik as ons landbou wil transformeer na *Living and Farming God's Way*. Dit is ook die sleutel tot die oplossing van probleme in die landbou. Bid sonder ophou!





Oorgee, Omgee, Aangee (Gebedsfokus 2012)

Ons is geroep om dissipels te wees en van die mense rondom ons dissipels te maak. Slegs dissipels kan dissipels maak. Na aanleiding van die lewe en werk van Jesus, kan die kern van dissipelskap in drie woorde saamgevat word: *Oorgee, Omgee en Aangee*. Die inhoud word aangebied in die vorm van 40 briewe aan 'n vriend. Die briewe is daarop gerig om jou te dissipel en toe te rus om dissipels te maak.



Die Koninkryk kom in die Landbou (Gebedsfokus 2013)

Aan die hand van 40 oordenkings word lesers gehelp om die Koninkryk te verstaan; hulle word uitgenooi om in die Koninkryk te deel en toegerus om daaglik as burgers van die Koninkryk te leef en boer. Onbybelse opvattinge wat die Koninkryk ondermyn, word uitgewys. Die verskil tussen die Koninkryk van God en die Koninkryk van Duisternis word aan die hand van praktiese voorbeelde illustreer. Die lesers word telkens opgeroep om na die Koning te luister en te bid vir die koms van die Koninkryk in die landbou.



beVry om op te staan (Gebedsfokus 2014)

Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstrengel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhoed om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebid word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**





Die naam, **AMOS**, is afkomstig van die profeet Amos in die Ou Testament. Hy was 'n boer. Hy het veral gewaarsku teen uiterlike vormgodsdien, asook allerhande onreg en uitbuiting in sy tyd. Die profeet Amos verkondig dat godsdienstigheid alleen nie genoeg is nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*, wat landbou-bediening beteken.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die naam is prominent gedruk. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. Ons by **AMOS** bely Jesus Christus (die rooi kruis), as die Bron van Lewende Water (blou stroom), die Een sonder wie die oorvloedlewe onmoontlik is. Net soos die windpomp afhanklik is van die wind om te kan funksioneer, bely ons met die logo dat ons afhanklik is van die kragtige werking van die Heilige Gees.

Amos Agrimin se kernbesigheid

Ons wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is Amos Agrimin se kernbesigheid:





Amos Agrimin

secretary@amosafrica.net
www.amosafrica.net

Amos Agrimin Streke

Vir kontak- en bankbesonderhede, besoek ons webwerf.

Amos Agrimin Kaap (Wes-Kaap)

Amos Agrimin Sentraal (Vrystaat en Noordwes)

Amos Agrimin Noord-Kaap (en oorblywende provinsies)

40-Dae Gebedsfokus uitgegee deur Amos Agrimin Noord-Kaap

Bankbesonderhede:

Amos Agrimin

FNB Brandwag, 230534

Rek. 5299 000 8842